

A. KULTURELE AGTERGROND VAN DIE PROBLEEM.

Die versorging van individue binne die gemeenskap.

(i) Algemeen.

Gemeenskaplike onderlinge verantwoordelikheid is n verskynsel wat so oud is as wat mense saamwoon. By n studie van hierdie aard sou dit onrealisties en onmoontlik wees om in te gaan op fyner besonderhede in verband met die geskiedkundige ontwikkeling van die gemeenskap en die wyse waarop gemeenskaplike onderlinge verantwoordelikheid oor al die eeue nagekom is. Die uitgangspunt is derhalwe om dit slegs in breë riglyne weer te gee.

Hierdie studie gaan oor die houdings van behoeftige persone binne die stadsgebied van Pretoria wat gedurende 1963 staatsonderhoudstoelae ontvang het. Hoewel weduwees en wese uit die antieke geskiedenis en van die ou testamentiese periode reeds beskerming en versorging geniet het, is die hedendaagse duidelik afgebakende en spesialisierende vorme van versorging n ontwikkeling wat veel later gevolg het. In die vroeë geskiedenis het die onderskeiding tussen armsorg en versorging van weduwees en wese nie bestaan nie. Die twee wyses van hulpverlening word derhalwe onder een hoof behandel.

Die verantwoordelikheid vir onderlinge hulpverlening is deur al die eeue van menslike samesyn die sterkste aangevoel binne die groepsverband. Die aard en omvang van die groepsverband het mettertyd aansienlik verander. Die maatskaplike afstand tussen mense het met onderlinge hulpverlening gepaard gegaan soos uit onderstaande blyk:-

"The closer persons are to each other, the more responsive they are. Since social nearness is a high degree of sympathetic understanding ... Negative reactions, however, may increase in direct proportion to social farness".<sup>(1)</sup>

Die geneentheid tot onderlinge aanvaarding van verantwoordelikheid vir hulpverlening, het in die vroeë

gemeenskap / .....

1. Bogardus, E.S., Fundamentals of Social Psychology, Third Ed., D. Appleton-Century Co., New York P.292.

gemeenskappe afgeneem namate die maatskaplike afstand tussen persone toegeneem het, veral omdat dit gepaard gaan met vreemdheid, onderlinge verskille en selfs vyandigheid.

Gemeenskapsontwikkeling het 'n groot sprong gemaak vanaf die vroeë jagters- en voedselversamelaarsbestaan tot die hede; naamlik van die betreklik klein gemeenskappe tot die huidige nasionale bewustheid. Die klein jagtersgemeenskap het uitsluitlik vir sy groeplede sekere versorgingsverantwoordelikhede aanvaar soos dit tans nog voorkom by die jagtersgemeenskappe soos die !Kung boesmans van S.W.A.<sup>(2)</sup> Lede van ander groepe is dikwels om die lewe gebring wanneer hulle ingemeng het met die belange van die betrokke groep. Mettertyd het die gemeenskapsontwikkeling meegebring dat groter belangegroepe gevorm is. Geografiese omstandighede, soos byvoorbeeld die Nyl met sy oorstromings en die Tigrus en Eufraatriviere, het bygedra tot digter bevolking konsentrasies en die ontwikkeling van stede. Namate die grense van die in-groep steeds wyer getrek is om meer persone in te sluit, is die bewustheid van gemeenskaplike onderlinge verantwoordelikheid ook uitgebrei.

Die antieke geskiedenis lewer sulke verskynsels van onderlinge hulpbetoon, op grond van menslike verbondenheid, soos gevind word buite die grense van Israel se nasionale volksbestaan.<sup>(3)</sup> Menslike verbondenheid gaan gepaard met onderlinge kennis van- en gehegtheid van persone aan mekaar, dit wil sê "social nearness". Hoewel daar nie voldoende gegewens beskikbaar is in verband met die motief vir hulpverlening in die vroegste oudheid nie, is daar tóg aanduidings dat die invloed van persoonlike- en ander katastrofes besef is, asook die magteloosheid van die individu daarteenoor. Onderlinge hulpverlening het onder andere geskied uit simpatie en moontlik ook ter wille van

groter / .....

2. Cf. Krige, J.D., Lewensomstandighede van die Boesmans in die Noord-Oostelike Dele van Suid-wes Afrika, Navorsing en inligting, Dept. van Volkswelsyn en Pensioene, Uitgawe No. 5 van 1963.
3. Kamphuis, M., Helpen als Ambacht, Bosch en Keuning, Baarn, 1953, P. 9 - 10.

groter sekuriteit en bestendigheid binne die gemeenskap. Hoewel die versorgingsverantwoordelikheid reeds in antieke tye vir armes, weduwees en wese aanvaar is, was daar ook n stigma aan die geholpenes verbind. Die behoeftiges wat deur teëspoed of rampe getref is, was volgens die antieke mening in onguns by die gode. So was dit ook in die geval van oud-Babilonië:

"..... religion never proclaimed the rights of the poor and the humble or championed their cause against the rich and the powerful. To be sure the ritual of the temple contained some prayers which indicated a sense of sin and fear of divine displeasure."<sup>(4)</sup>

Dit is opvallend dat in die antieke geskiedenis die noodsaaklikheid vir wedersydse hulp besef is en dat onderlinge hulpverlening beoefen is, ten spyte van die stigma wat daaraan gekleef het. Simpatie is n verskynsel wat in sosiale groepe ontwikkel het omdat dit n noodsaaklike vereiste vir voortbestaan is.

(ii) Die Ou Testament en Hulpverlening.

Die maatskaplike versorging wat in die Ou Testament gemeld word dra n besondere karakter. Die klem wat op godsdiens en die uitlewing daarvan geplaas is, maak dit oorbodig om n reeks maatreëls te tref en hulpverlening aan kontraktuele voorwaardes te koppel. Dit is treffend dat daar n opsigtelike afwesigheid bestaan in die Ou Testament van sulke geskrewe voorwaardes en eise om teenprestasies te lower. Dieselfde geld ook die klaarblyklike afwesigheid van vrese dat bevoorreedes van materiële hulp afhanklik sal raak of hulle eie verantwoordelikheid sal laat verslap.

Die materiële versorging van die armes, weduwees en wese word deur die Jode as n handeling van regskaapenheid beskou, soos beskryf deur die Hebreuse woord Sedakha.<sup>(5)</sup> Die Ou Testament het

veelvuldige / ...

4. Breasted, J.H., Ancient Times, Second Ed., Ginn & Co., Boston, 1944, P.174
5. Orr, J., The International Standard Bible Encyclopedia, Wm.B Eerdmans Publishing Co., Mich. 1947, P.101.

veelvuldige uitsprake wat die versorging van behoeftiges as die verantwoordelikheid van die gemeenskap stel:

„Want die armes sal in die land nie ontbreek nie; daarom gee ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en arme in jou land".<sup>(6)</sup>

Gedurende die ou Testamentiese periode, met die kerk beslote binne die grense van Israel se nasionale volksverband, is die versorging van weduwees, wese en armes deur die landswette gereël.<sup>(7)</sup>

Die Joodse bevolking van die Ou Testament was glad nie onbekend met huidige maatskaplike euwels soos bedelary nie. Orr beweer:

"It is significant that the Mosaic Law contains no enactment concerning beggars, or begging, though it makes ample provision for the relief and care of 'the poor in the land'. Bib. Heb. seems to have no term for professional begging, the nearest approach to it, being the expressions 'to ask (or seek) bread' and to wander".<sup>(8)</sup>

Hierdie verskynsel kan maklik oppervlakkig verkeerdelik vertolk word as n aanvaarding, goedkeuring, bevordering of belangeloosheid ten opsigte van dié verskynsel in die Ou Testament. Die Ou Testamentiese Hebreër was wél terdeë bewus van die probleem en het dit nie goedgekeur of aanvaar nie. Die afkeur wat hulle in bedelary gehad het, spreek duidelik uit Psalm 37:25 waarin die skrywer meedeel dat hy nooit die regverdige verlate gesien het, of dat sy nageslag brood soek nie. Verder uit Psalm 109:10 wat soos volg lees:-

„..... en laat sy kinders oral rondswerwe en bedel en brood soek, weg van hulle puinhoop af".

Die Skrif gaan van die standpunt uit dat die verlening van materiële hulp aan behoeftiges in sigself hoegenaamd geen maatskaplike euwel is nie. Die verlening van die hulp word ten sterkste beveel.<sup>Ø</sup> Volgens hierdie uitgangspunt is die werklike probleem nie in

die / .....

6. Deut. 15:11

7. Zeeman, M.T.S., Die armsorgwerk van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika, Sacum Bpk., Bloemfontein, 1957, P.19.

8. Orr. J., A.W., P.425

Ø Deut. 15:11

die gee van middele geleë nie, maar hoogstens - hoewel gladnie noodwendig - by die persoon wat dit ontvang. Die behoeftige is in elk geval die voorwerp van opvoeding deur die Ou Testamentiese voorskrifte en die Jode was oor die algemeen streng in verband met die uitvoering van die Wet. Die volgende uitsprake in die Ou Testament dui op die opvoeding wat ten opsigte van verantwoordelikeheidsin en produktiwiteit voor gehou is:-

„Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen .....

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie ..... of sy esel of iets wat van jou naaste is nie”, en in Spreuke word die luiaard na die vlytigheid van die miere verwys om uit hulle lewenswyse n voorbeeld te neem.

Die Ou Testamentiese wette is van so n aard dat sekere afhanklike persone periodiek hul selfstandigheid verkry het. Elke vyftigste jaar was n jaar van vrylating. Elkeen kan dan na sy besittings en geslag terugkeer.<sup>Ø</sup> n Hebreuse slaaf moes in sy sewende diensjaar vrygelaat word, maar as hy uit eie keuse anders besluit het, moes hy met n deurboorde oor gemerk word; n teken dat hy vrywillig van sy selfstandigheid afstand gedoen het.<sup>X</sup> Indien geld aan n arme geleen was, mag die skuldeiser dit vir die lener nie moeilik maak om sy selfstandigheid te herwin deur hom rente op te lê nie.\* Dit is verder opmerklik dat die armes en behoeftiges n eie aandeel in hulle versorgingsverantwoordelikhede moes neem. Hulle moes self die koringare, druiwe en olywe van die lande gaan haal. Dit is nie vir hulle gedoen nie.<sup>XX</sup>

Die gees van die Ou Testament beklemtoon dus -

- (i) die verpligting om materiële hulp aan behoeftiges te verleen.
- (ii) n Breë geestelike opvoedingsplan vir die hele volk wat onder andere vlytigheid en verantwoordelikeheidsin sal bevorder.

Individue / .....

Ø Kyk Lev. 25:10

X Kyk Ex. 21:2

\* Kyk Ex. 22:25

XX Kyk Deut. 24:19 - 22.

Individue moes daarby baat volgens hulle persoonlike behoeftes en in verhouding tot hulle individuele gebreke;

- (iii) die verbetering van die maatskaplike omstandighede en skepping van bevorderlike geleenthede vir selfstandigheidswording.

Hoewel dit in hierdie stadium verkieslik sou wees om die Bybelse benadering van onderlinge hulpverlening deur die Nuwe Testament te volg, blyk dit noodsaaklik om ter wille van die historiese verloop van omstandighede tydelik te onderbreek en die aandag te vestig op moonthede soos Griekeland en Rome.

- (iii) Griekeland en Rome.

In die vroeë Griekse geskiedenis het onderlinge hulpverlening plaasgevind in die vorm van skenkings aan behoeftiges.<sup>7/</sup> Aan armes is grond vir bewerking toegewys, onderwys is op staatskoste verleen, in die stede was geneeshere wat gratis dienste gelewer het en vir weduwees en wese was daar wetlike voorsiening om hulle regte te beskerm. Die ontwikkeling van die Griekse burgersin het volgens Kamphuis<sup>9)</sup> daartoe aanleiding gegee dat materiële ondersteuning, bekend as philantropia, nie meer op die arme en die behoeftige gerig is nie, maar tot die mens in die algemeen en in die besonder tot die Griekse medeburger. Die philantropia is sterk beïnvloed deur sosiaal-politieke motiewe. Bouwman spreek hom soos volg uit oor die motief van hulpverlening in die heidenwêreld:-

„Wel werden ook daar de ellendigen en de armen niet geheel aan hun lot overgelaten en betoonde men zich mild tegenover reisigers, schipbreukelingen en anderen, dié in de nood verkeren maar een eigenlyken verzorging der armen kende de oude

wereld / .....

<sup>7/</sup> Die woord „skenkings" word gebruik omdat die begrip „aalmoes" meesal buite sy oorspronklike verband gebruik, en aldus misbruik word. In sy oorspronklike vorm staan dit, wat Israel betref, teen die agtergrond van n opvoedingsprogram.

9. Kamphuis, M., A.W., P.9 & 11.



wereld niet. Barmhartigheid is geen Grieksche of Romeinsche deugd. Dit moet echter niet in dien zin opgevat alsof de heidenen niet de deugd van weldoen of van geven beoefenden. Zij waren zelfs vrijgevig teenover de verwanten, de vrienden of de gasten . . . . . Maar de heidensche mildheid was in de grond zelfzugtig, bedoelde eigen eer of roem . . . . . De Volksmenners en de regeeringsmänner wilden de volk op huu hand hebben".<sup>(10)</sup>

Oor die algemeen het die ou Grieke en Romeine nie dieselfde aandag aan kinderversorging gegee as wat vandag die geval is nie. Wanneer die kinders gebreklik was, was hulle dikwels kort na geboorte om die lewe gebring, as slawe verkoop of andersins misbruik.

Die Ou Testamentiese hulpverlening geskied deur die kerk binne staatkundige verband. Suiwer staatsorg kom na vore in die vroeë Griekse geskiedenis. Kamphuis<sup>(11)</sup> meen dat ons hier die eerste georganiseerde armsorg - in breë verband - te sien kry. Antieke Athene het n stelsel gehad vir die verlening van staatshulp aan behoeftiges. Die stad het daarop geroem dat nie een van die burgers nodig het om te bedel nie. Die hulp was egter beperk tot stadsburgers en burgerskap was oorerflik. Die maatskaplike afstandsbeginsel het hier sodanig ontwikkel dat mensliewendheid en menslike gebondenheid al die stadsburgers by die in-gröep ingesluit het.

In die geval van die Romeinse wêreld is die idee van humanitas (menslikheid) ingevoer. Dit is verwant aan die philantropia-begrip en sluit ook die meeste menslike deugde in.

Die idee, dat in die verhouding van mens tot mens n teenprestasie of verdienstelikheid as eis aan materiële hulpverlening gekoppel word, vind hoofsaaklik sy oorsprong in die heidenwêreld. Volgens Kamphuis<sup>(12)</sup>

het / . . . . .

10. Bouwman, H., Gereformeerde Kerkrecht, Eerste Deel, J.H. Kok te Kampen, 1928, P.570.
11. Kamphuis, M., A.W. P.9.
12. Kamphuis, M., A.W. P.10.

het Cicero die deugszaamheid van die behoeftige, sy gesindheid, die mate waarin hy sy weldoener hoog ag, gelewerde dienste en ook toekomstige teenprestasies as belangrike oorwegings beskou by die verlening van hulp aan behoeftiges.

Onder die invloed van de Stoa is die humanitas later ook uitgebrei na slawe, sodat, wat versorgingsverantwoordelikheid betref, die slawe ook baat gevind het by die gemeenskaplike versorging.

Dit is opvallend dat kinders nie dieselfde aandag geniet het as wat vandag die geval is nie. Hoewel gedurende die Romeinse Ryk onder andere voorsiening gemaak is vir die versorging van weduwees en wese van gesneuwelde soldate, was die seuns hoofsaaklik opgevoed om in die leër opgeneem te word; ander kinders het die swaardvegters (gladiators) en ontughuise ten prooi geval.

(iv) Die Nuwe Testamentiese periode.

In die saligsprekinge van Christus word ook dié mense ingesluit wat hulle in liefde oor hulle lydende naastes ontferm.

„God skenk barmhartigheid aan onverdienstelikes, maar verwag dat elke mens dit teenoor sy naaste bewys”.<sup>(13)</sup>

Die versorging binne Joodse Nasionale Volksverband is verbreek en gelowiges uit die 'heidene' het ook vir die versorging in aanmerking gekom. Die versorgingsverantwoordelikheid was egter in die eerste plek beperk tot die huisgenote van die geloof.<sup>(14)</sup> Op die voetspore van die Ou Testament word geen vrese gekoester dat verlene materiële hulp aanleiding kan gee tot verslapping in die produktiwiteit of n benadeling van die verantwoordelikeheidsin en persoonlike waardes van die geholpenes nie. In die Skrif stel Johannes dit soos volg:-

„Hieraan het ons die liefde leer ken, dat hy sy lewe vir ons afgelê het .... Maar wie die goed

van / .....

13. Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, P.12.

14. Gal. 6:10.



van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom. My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid".<sup>(15)</sup>

Die gees wat die Nuwe Testament adem laat geen ruimte vir onverantwoordelikheid, luiheid of uitbuiting van ander nie. Dit voorsien ruim vir geestelike en maatskaplike opvoeding asook vir die uitbouing van die persoonlikheid en karakter. n Enkele voorbeeld is die gelykenis van die talente waarin elke persoon verantwoordelik gehou word vir die maksimale benutting van geestelike toerusting, vermoëns en besittings.<sup>(16)</sup>

Die versorging van weduwees en wese is in die Nuwe Testament inbegrepe in die armsorg wat as n noodmaatreël na vore tree. Die tradisionele versorgingswyse van weduwees en wese het vir die nie-christene onveranderd gebly. As gevolg van hulle geloofsbeskouings wat deur die breëre volksgroep verwerp is, het die maatskaplike- en psigologiese afstand wat op geloofsgebied ontstaan het daartoe aanleiding gegee dat die vroeë christene hulle regte en voorregte op die tradisionele hulpbronne moes prysgee. Die vervolging wat losgebars het, het die seël op hierdie verwikkeling geplaas.:-

In die Nuwe Testament gaan die aalmoes hand-aan-hand met die geestelike en maatskaplike versorging sonder dat die een n voorwaarde vir die ander was. In latere tye is die „aalmoes" wél gegee maar is die geestelike versorging in n groot mate nagelaat. Cohen beklemtoon onregstreeks die noodsaaklikheid van die geestelike versorging in sy standpunt:

"From the dole to problem solving".<sup>(17)</sup>

In / .....

15. 1 Joh. 3:16 - 18.

16. Matth. 25:15 - 30.

17. Cohen W.J., & Bernard, S.E., The Prevention and Reduction of Dependency, washtenaw County Dept. of Soc. Welfare, 1961, P.49.

In sy standpunt aanvaar Cohen dat meer aandag op die probleme van geholpenes gevestig moet word. Kamphuis<sup>(18)</sup> wys pertinent daarop dat die caritas in die Nuwe Testament gepaard gaan met 'n gevonde pedagogiese benadering.

(v) Die Middeleeue tot die Hervorming.

Hoewel die kerk van die eerste eeue intensief toegespits was op die beoefening van barmhartigheid binne betreklik klein gemeenskappe het die maatskaplike legkaart mettertyd verander. Die kerk het geweldig uitgebrei en binne enkele eeue staatskerk geword. Waar die kerk se armsorg oorspronklik binne informele groepe bestee is, het die toenemende getalle kerklidmate en die verwêreldliking van die kerk daartoe aanleiding gegee dat armsorg nie slegs aan die huisgenote van die geloof bestee is nie.

Gedurende die Middeleeue was die algemene afwyking van die Bybelse voorskrif <sup>Ø</sup> dat die klem op die betekenis van die hulp in belang van die gewer geplaas is. Die geestelike opvoeding, persoonlikheidsontwikkeling, selfstandigheid en maatskaplike aanpassing van die begunstigde het 'n sekondêre plek ingeneem.

Sedert die ontstaan van die christelike kerk, het armsorg die erkende kerklike versorgingswyse vir behoeftiges geword. Die kerk het die gee van aalmoese ondersteun maar -

"..... for somewhat different reasons than those of the primitive folk culture ....  
The early christian churches cared for their own poor, but took great pains to prevent pauperization. However, there grew up in the course of time the theory of the religious merit of almsgiving. Charity became a means of securing forgiveness of sin to the giver, a means of grace ..... With the rise of monasticism in christiandom the religious basis of begging, the cleansing grace of

charity / .....

18. Kamphuis, M., A.W., P.15.

Ø Kyk Matth. 6.

charity was completed in the theory that those were of superior sanctity who forsook all their worldly possessions and depended entirely upon the charity of Gods people... (19)

n Gebourlikneid soos die „Black Death" het op maatskaplike gebied groot veranderings gebring en die Middeleeuse landbou- en daarmee gepaardgaande ekonomiese struktuur-ontwrig. n Jaar later, 1349, vind Engeland dit nodig om die groot werkloosheid wat ontstaan het deur die landswette te beveg. Die algemene lewensbeskouing is gehandhaaf dat die werklose wat in gebreke bly om werk te vind, basies lui is en die toepassing van die „Poor Laws" was soms selfs grusaam. Die staat het egter vir eers die versorging van die behoeftiges oorge- laat aan die plaaslike owerheid - wat ook die plaaslike gemeente was - en die gunste van individue. (20) Die kerk het te staan gekom voor die feit dat die groot getal werkloses swaar uit die kerklike fondse geput het en ingryping van die staat het noodsaaklik geword. Die kerk was alleen nie opgewasse vir die groot taak op Maatskaplike gebied nie. Die opkoms van die staat los van die kerk - na die hervorming - het ook die besondere belangstelling in die versorging van die behoeftiges deur die staat ingelei. In die beginstadium erken die staat die kerk, dit wil sê die plaaslike gemeente, as die aangewese instrument vir die versorging van behoeftiges en is die landswette ook so gereël. Verblyfsvereistes tree na vore en hulp aan behoeftiges word op dié wyse tot n bepaalde gemeente beperk. Op hierdie wyse is gepoog om die bevolking se algemene produktiwiteit en die individu se selfstandigheid te bevorder. Waar werk vir n werklose persoon gevind was, was hy verplig om dit te aanvaar.

Die hervorming het n lewensbeskouing gebring wat in sommige opsigte nuut was. Gilmore (21) wys daarop dat die hervormers en veral die Calviniste, groot klem geplaas het op werkzaamheid as n godsdienstige plig. Slegs diegene wat liggaamlik gestremd

(

en / .....

19. Gilmore, H.W., The Beggar, Chapel-Hill, Univ. of North Carolina Press, 1940.
20. Gilmore, H.W., A.W. P.21.
21. Gilmore, H.W., A.W., P.22.

en blind was "..... might be righteous and yet dependent".<sup>(22)</sup> Die hervormers was van mening dat dit op godsdienstige gronde onnodig was om persone te help, behalwe in die gevalle van fisies gestremdes, blindes, weduwees en wese. Waar hulp om ander redes verleen is, was die aanleiding gesoek in politieke motiewe. Die klem is weer teruggeplaas op die belangrikheid van die begunstigde individu, maar die gegewens tot my beskikking lewer geen aanduidings dat 'n progressiewe en intensiewe program vir die persoonlike- en maatskaplike opvoeding, naas en afsonderlik van hulpverlening, spesifiek vir behoeftiges alleen toegepas is nie. Baie is wel gedoen om verantwoordelikheid deur middel van die christelike beginsels te laat posvat.

Sedert die Middeleeue het die versorging van behoeftiges reeds 'n algehele spesialisasie ondergaan.

#### DIE HERVORMING TOT DIE HEDE

Die Renaissance, die heroplewing van die humanisme, die individualisme, die omwenteling op Nywerheidsgebied asook die betreklik onlangse verwickelinge op wetenskaplike en tegnologiese terrein, die opkoms van die sosiale bewustheid veral in die laaste eeu, die huidige wêreldwye oplewing van nasionalisme, verbetering van kommunikasiemiddele, die sterk strominge tot internasionale verbintenisse - dit is sommige van die faktore wat diep spore in die lewensituasie van die mens van hierdie eeu gelaat het.

'n Studie van die werk van Pumphrey<sup>(23)</sup> dui aan hoe die lewensbeskouing, wat basies is aan die Engelse "Poor Laws" na Amerika oorgedra is. Vir etlike eeue het hierdie idees in mindere of meerdere mate Amerika asook die vasteland van Europa aangegryp. Dit is selfs oorgeplant na ander lande wat noue verbintenisse met die Europese lande gehad het. Hierdie lewensbeskouing volgens Brown - "..... made poverty a disgrace, branded the poor man as unworthy and shiftless,

and / .....

22. Gilmore, H.W., A.W., P.24.

23. Cf. Pumphrey, E., & Pumphrey, M.W., The Heritage of American Social Work, Columbia University Press, New York, 1961.

and attached to relief an indelible stigma".<sup>(24)</sup> Die lewensbeskouing neig ook sterk om die individu alleen en ten volle verantwoordelik te hou vir sy wel en weë, sy bereikings sowel as sy mislukkinge. Die invloed vanuit die eksterne omgewing is te dikwels oor die hoof gesien. Die onredelike behandeling en selfs grusame strawwe wat sommige behoeftiges, as gevolg van hierdie lewensbeskouing moes verduur, het die mens van die twintigste eeu tot besinning geroep. Almeer is besef dat kulturele en maatskaplike omstandighede 'n belangrike invloed op die mens se omstandighede uitoefen. Dit beïnvloed sy denke, sy aanpassings- en selfs ook die ekonomiese struktuur waarin hy hom bevind. Waar daar aan die begin van hierdie eeu, volgens Sellers,<sup>(25)</sup> lande was waar weinig gedoen is vir die versorging van behoeftiges, is dit tans maar net nodig om die maatskaplike beveiligingsmaatreëls (social Security) wat tans in verskillende lande toegepas word, na te gaan en 'n persoon kom sterk onder die indruk van wat in die meeste lande gedoen word om materiële behoeftigheid, lyding en ontbering te voorkom of te lenig.<sup>(26)</sup>

Die suiwer humanistiese oorwegings vervul in die hede so 'n omvang, dat die implikasies moeilik besef kan word. Die maatskaplike afstand tussen volkere is in baie gevalle besig om te verdwyn en die verantwoordelikheid vir die versorging van behoeftiges van ander nasionaliteite is geen vreemde verskynsel in die hede nie. Die gesamentlike V.V.O. pogings in die Kongo, bydraes aan die geteisterde Alaska, die hulp aan onderontwikkelde lande en baie ander gevalle wat nie hier genoem kan word nie, is almal voorbeelde van die verskuiwing van die versorgingsverantwoordelikheid buite die nasionale grense van volkere. Politieke, ideologiese en selfsugtige motiewe oefen waarskynlik ook 'n invloed uit. Die humanistiese (mensliewendheids-) ontwikkeling, los van die suiwer christelike benadering is waarskynlik besig om te ontplooi in 'n universalistiese faktor. Menslike verskille word in waarde

afgemerk / ....

24. Brown, Josephine C., Public Relief 1929 - 1939, Henry Holt & Co., 1940, P.3.
25. Cf. Sellers, E. Foreign Solutions of Poor Law Problems, Horace Marshall & Son, Temple House, and 125 Fleet Street, E.C.
26. Cf. Sozial Versicherung im Ausland, nr. 6, Der Schriftenreihe des Gerling-Konzern, Ausgabe 1963.

afgemerk - soos byvoorbeeld etniese verskille - en die algemene onderlinge menslike gebondenheid op grond van mensliewendheid (plus waarskynlik bedekte politieke en ander motiewe) word op die keper gedryf. Hierdie benadering vind geruime tyd reeds navolging in Westerse literatuursos uit die volgende aanhaling blyk:-

"To the adult mind, the great lesson is not human differences, but similarities. Common needs persist in human behavior everywhere. They are the universals which govern homo sapiens, from the deepest jungles to traffic-snarled cities. To solve our current problems, generalizations and theories will have to be grounded on the principles which govern all societies, the common denominators of human existence ..... How, for instance, is it possible even to think about a world state unless it is founded on universals". (27)

Van tyd tot tyd gaan daar stemme op wat waarsku teen die oënskynlike hegtheid en betroubaarheid van n Eenheid (gebondenheid) op grond van die humanistiese beginsels. (28)

Deur voorafgaande grepe uit die geskiedenis van materiële hulpverlening aan te haal, is gepoog om die kulturele agtergrond te skets.

#### DIE SUID-AFRIKAANSE OMSTANDIGHEDE.

Die vroeë kerklike geskiedenis in Suid-Afrika toon aan dat n program van armsorg vir die versorging van hulpbehoewendes, insluitende weduwees en wese, gehandhaaf is. Die behoeftiges wat vir die versorging in aanmerking gekom het, was nie slegs diegene wat weens kortstondige noodtoestande behoeftig geraak het nie.

In / .....

27. Chase, S., The Proper Study of Mankind, Harper and Bros., New York, 1948, P.60.
28. „Wakkerloop vir die Eenheidsgedagte“, Die Kerkbode, Deel XCIII, No. 13, Jaargang II<sup>o</sup>, 25 Maart 1964, P.400.



In die Kaapse nedersetting het die kerk deur middel van sy diakonale amp vir die versorging van hulpbehoewendes ingetree. Hoewel die kerk die versorgingsfunksie vervul het, het die staat - by monde van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie - herhaaldelik sy invloed laat geld. In Artikel 16 van die kerkorde van De Mist<sup>(29)</sup> word bepaal dat behoeftiges onderhou moet word deur liefdegawes deur elke kerkgenootskap gekollekteer en wat vir die lede van daardie kerkgenootskap bestem is. Die gebruik van die begrip „liefdegawe" beklemtoon dat die hulp vanuit n godsdienstige standpunt en motiewe verleen is. Dit spreek van God se liefde wat in n liefdedaad tot die mens kom.

Die twintigste eeu bring vir Suid-Afrika n sterk humanistiese grondtoon in die versorging van materiële hulpbehoewendes. Die klem gaan oor na die humanistiese beskouing met sy kenmerkende mensliewendheid. Die geskiedenis herhaal homself en weereens dra grootskaalse maatskaplike katastrofes, veranderinge en ontwikkelinge daartoe by om n kentering in die heersende denke teweeg te bring. Die kerk is tans weer in n toestand gevang waar die versorgingsfunksie van materiël behoeftiges buite sy vermoë geraak het. Die kerk was egter een van die instansies wat gedurende die dertigjare hierdie noodtoestand eerste besef het en onder andere deur kongresse stappe aangewend het om die gety te probeer stuit.

Enkele uitstaande katastrofes wat verrykende gevolge vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap en ekonomie gehad het, is die volgende:-

- (1) Die Anglo-boere oorlog - 1899 tot 1902.
- (2) Die Eerste Wêreldoorlog - 1914 tot 1918.
- (3) Die Depressie van die dertigerjare -  
1929 tot 1933.
- (4) Die Tweede wêreldoorlog - 1939 tot 1945.

Die ontwrigtende uitwerking wat die jongste oorloë, volgens Grant<sup>(30)</sup> op die Europese gemeenskappe gehad het, het Suid-Afrika nie verbygegaan nie.

Bowendien / ....

29. Moorrees, A., Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873, S.A. Bybelvereniging Kerkstraat 9, Kaapstad, 1937, P.453.
30. Grant, A.J., Outlines of European History, Longmans' Green & Co., New York, 1949, P.463.

Bowendien het Suid-Afrika nog die gevolge van die Anglo-boere oorlog en die depressie terdeë ondervind. Die depressie het die Blanke Suid-Afrikaanse bevolking - veral op die platteland - swaar getref. Die grootskaalse verarming onder sekere dele van die Blanke landelike bevolking het op nasionale vlak sorg gewek. Uit hierdie tyd dateer 'n ondersoek na die sogenaamde „Armblanke vraagstuk in Suid-Afrika" deur die Carnegie kommissie. Die kommissie vermeld veral drie wyses om die verarming en behoefte te bestry, naamlik -

- (i) persoonlikheidsrehabilitasie van die behoeftige self;
- (ii) opvoeding van die meer gegoedes om verantwoordelikheid vir die behoeftiges te aanvaar en
- (iii) skepping van geleenthede vir die behoeftiges om hulle posisie self te verbeter.

Die relatiewe waarde en voorkeure wat aan hierdie behandelingswyses geheg was, blyk uit die volgende:-

„Daar is ernstige gevare verbonde aan pogings om die ekonomiese rehabilitasie van die armblanke langs die kortste moontlike weg vir hom te probeer bewerkstellig op 'n manier wat die prikkel tot eie hulp verswak. Op die lange duur kan verbetering nie deur bloot uiterlike maatreëls bereik word nie, dit moet berus op veranderinge in die mense self. Die skepping van die geleenthede waardeur hulle sou kan vooruitkom, is seker nie te verwaarloos nie, maar dan mag die aanvullende maatreëls ook nie ontbreek nie waardeur hulle die persoonlike eienskappe - wat dikwels ontbreek - kan ontwikkel om van die geleenthede behoorlik gebruik te maak. Die doelmatigheid van alle voorgestelde maatreëls moet nie alleen getoets word aan die meer onmiddellike verbetering van die ekonomiese posisie van die armblanke nie, maar veral ook op die psigologiese uitwerking wat die maatreëls op hulle sal hê. Die feit dat rehabilitasie nie net 'n verandering van omstandighede is nie, maar dat dit in die grond van die saak 'n verandering van die persoon beteken ..... Die maatskaplike

opvoeding van die volk behoort baie meer doelbewus en kragdadig nagestreef te word . . . . . Beter gestelde burgers dien opgevoed te word tot n beter besef van hulle verpligtinge en geleentheid ten opsigte van die minderbevoorregtes. Die armes dien opgevoed te word in spaarsin, eie hulp, matigheid . . . . .

Tot ongeveer vyftig jaar gelede was die arm-sorg van die Hollandse kerk tot die geringste omvang beperk, naamlik feitlik tot die kerklike alimentasie waardeur behoeftiges en onversorgde oumense, chroniese siekes en gebreklikes, weduwees en wese ondersteun was. **Toestande van behoeftigheid was dan ook meer die uitsondering as die reël.** Sedert 1880 het die bedrywig-hede van die kerk insake verlening van hulp aan die groeiende aantal behoeftiges sterk toegeneem". (31)

Dit is opvallend dat die Carnegie Kommissie soveel waarde aan die Maatskaplike opvoeding van die volk en van die betrokke behoeftiges geheg het. Groot klem word geplaas op die rehabilitasie van die behoeftiges. Dit is ook opvallend dat die kommissie n vrees koester dat die hulpverleningmaatreëls n negatiewe psigologiese uitwerking op die behoeftiges sal hê.

Die Volkskongres gehou te Kimberley 1934, het die noodsaaklikheid vir teenprestasies as rehabilitasie-middel beklemtoon. Hiermee is die grondoorzaak vir die „armlastigheid" in persoonlikheidsdefekte veronderstel. Die genoemde volkskongres het die opvatting dat verleende hulp per sé aanleiding tot n negatiewe psigologiese geestesinstelling kan gee, voortgedra.

Die belangstelling van die volk in die vraagstuk van blanke verarming op die platteland lei tot die stigting van n staatsdepartement van Volkswelsyn op 1 Oktober 1937. Hierdie gebeurtenis moet ook gesien word as n keerpunt in die versorging van behoeftiges en die opkoms van die besondere belangstelling van die Sentrale Regering in die aangeleentheid. Spesialisasie in die versorgingswyse van behoeftiges tree na vore. Hieruit vloei ook voort n klem-verskuiwing na die humanisme. Naastediens en naasteliefde - die vaandels waaronder die diens gelewer word - is gegrond op

onderlinge / . . . .

31. Wilcocks, R.W., Die Armbanke Vraagstuk in Suid-Afrika, Deel IV, Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1932, pXXVIII.

onderlinge meegevoel, hulpbetoon en mensliewendheid. Die behoeftige word gehelp om homself te help en dan weer op sy beurt as n goeie burger verantwoordelik op te tree.

Voor 1937, het die provinsies elk n eie skema vir armsorgbesteding gehad.

In die stigting van die Departement van Volkswelsyn kristalliseer die gedagte van die Carnegie kommissie dat meer welgestelde burgers opgevoed moet word om verantwoordelikheid vir die behoeftiges te aanvaar en die praktiese volvoering van hierdie opvoeding verskyn op die belastingaanslae van die Suid-Afrikaanse Burgers.

Die stigting van die Departement van Volkswelsyn lei spesialisierende dienste vir die versorging van verskillende kategorieë van behoeftiges in S.A. in. So n stelsel van spesialisierende versorging het reeds in die vierde en vyfde eeu na Christus bestaan, toe hulpbehoewendes in die volgende kategorieë ingedeel is: Vreemdelinge, armes, verwaarloosde kinders en vondelinge, wese, ou manne en krankes.<sup>(32)</sup> Die instelling van die Departement van Volkswelsyn met sy onderskeie spesialisierende dienste het egter nie die kerk van sy verantwoordelikheid onthef nie en vandag beweeg die kerk mede met die staat op die terrein van stoflike hulpverlening aan behoeftiges.<sup>(33)</sup> Hoewel soms argumente teen owerheidshulp aangevoer word, waardeur die owerheid sy reg op hulpverlening ontsê word, is dit n voldonge feit dat die staat vandag n verantwoordelikheid het ten opsigte van behoeftiges. Die verskil tussen die roeping van die kerk en die verantwoordelikheid van die staat is geleë in hulle radikaal verskillende uitgangspunte - die een godsdienstig, die ander humanisties.

Die / .....

32. Zeeman, M.T.S., A.W., P.25.

33. cf. Dannhauser, D.J.J., "Mense in Nood", Die Kerkbode, Deel XCIII, 22 April 1964, No. 17, Jaargang 116, P.544 - 546.



DIE ONDERHOUDSTOELAESKEMA.

Oorspronklik staan hierdie skema bekend as ouertoelaes, wat aangevul is deur kindertoelaes.

Onderhoudstoelaagbegunstigdes is persone wat in ontvangs is van toelaes van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die volgende doeleindes:-

- (a) Die onderhoud van afhanklike eie kinders met ouderdomme van 16 jaar en jonger. In gevalle waar kinders se skolastiese prestasies dit regverdig, kan die Minister magtiging verleen dat die toelae tot op 'n ouderdom van 18 jaar voortgesit word.
- (b) Die onderhoud of gedeeltelike onderhoud van die versorger self.

Die toelaes is betaalbaar aan die versorgers - met uitsondering waar die laasgenoemdes onbevoeg geag word en administrasie van die gelde gereël word. Die toelaes word in kontant by Poskantore uitbetaal.

Die volgende ouers kan in aanmerking kom vir onderhoudstoelaes, mits hulle aan die voorgeskrewe vereistes en middeletoets voldoen:-

- (i) 'n Weduwee of ongetroude moeder.
- (ii) 'n Vrou wie se man haar vir minstens ses maande verlaat het en haar en haar kinders na die mening van die Minister nie toereikend onderhou nie.
- (iii) 'n Geskeie vrou wie se man haar, na die mening van die Minister, nie toereikend onderhou nie.
- (iv) 'n Vrou wie se man 'n ouderdomspensioen, 'n pensioen vir blindes, 'n oudstryderspensioen of 'n ongeskiktheidstoelae ontvang.
- (v) 'n Vrou wie se man vir 'n tydperk van minstens ses maande as medies ongeskik verklaar is om lonende werk te onderneem.
- (vi) 'n Vrou wie se man tot minstens ses maande gevangenisstraf gevonniss is of ten opsigte van wie 'n bevel uitgereik is dat hy ten minste ses maande in 'n staats- of staats-ondersteunde inrigting aangehou moet word en;

(vii) 'n Man / ....

(vii) n Man met afhanklike kinders wat n ouderdoms-pensioen, n pensioen vir blindes, n oudstryders-pensioen of n ongeskiktheidstoelae ontvang of wat vir n tydperk van minstens ses maande as medies ongeskik verklaar is.

Pleegouertoelae is by hierdie ondersoek uitgesluit.

Die beginsels wat by die berekening van onderhoudstoelae gevolg word, is soos volg:-

Die ouertoelaag wat die moeder ontvang, word op so n wyse bereken dat dit ooreenstem met ander Maatskaplike pensioene en toelaes. Wanneer die begunstigde derhalwe nie meer afhanklike kinders in haar sorg het nie en as sy vir n ander pensioen kwalifiseer, vind die aanpassing baie maklik plaas.

Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene is vir etlike dekades beïnvloed deur die opvattinge van die Carnegie Kommissie en beskouings van die dertigerjare, naamlik die rees dat verleende hulp begunstigdes onder sekere omstandighede kan laat verslap in hulle verantwoordelikeheidsin. Verder, die beskouing dat die aanwending van die hulp - wanneer dit op sekere wyses en onderhewig aan sekere voorwaardes bestee word - rehabiliterende waarde kan hê. Hierdie beskouings blyk onder andere ook uit die volgende aanhaling:-

"In dealing with the aged poor, we are relieved from many of the difficulties which surround the giving of relief to other indigents. There is no danger here of pauperising the recipients. There is no necessity to build up character, for their lives are drawing towards their close, and there is no time for reform even where there is need of it".<sup>(34)</sup>

Dieselfde gees word aangetref in die verslag van die

Komitee / .....

34. First Report of the Commission on Old age Pensions and National Insurance, Cape Times Ltd., Cape Town, 1927, U.G. 21 - 27. p.10.



komitee insake Bestaansbeveiliging.<sup>(35)</sup> Hierdie komitee vrees die gevaar dat die verlening van bystand daartoe mag bydra om afhanklikheid van liefdadigheid, ledigheid en voorgewende siekte in die hand te werk. Hierdie standpunt weerspieël die beskouing dat die mens inherent tot traagheid geneigd is en wanneer omstandighede sig voordoen, is dit die menslike neiging om dit uit te buit. Soos later vermeld sal word, word hierdie beskouing vandag nie meer ten volle deur alle ondersoekers onderskryf nie.

In die verlede is daar herhaaldelik kritiek uitgespreek teen die gebruik van n middele-toets, veral wanneer dit op so n wyse toegepas word dat dit die **geholpenes** minimale geleenthede gee om hulle selfstandigheid te herwin. Dit moet in gedagte gehou word dat geen staatskas kan bekostig om te voorsien in die ideale versorging van arm persone se behoeftes nie. Potgieter<sup>(36)</sup> voer aan dat die bepalinge van n middeletoets aanloklik is vir baie gesinne wat die staat graag as n voog wil beskou. Hy gaan voort deur daarop te wys dat sodra n gesin n redelike selfstandige inkomste kry, die toelaes gestaak word en dat hierdie verskynsel daartoe aanleiding gee dat persone weinig probeer doen om hulle inkomste aan te vul. Die verwyderde prikkel wat tot groter inisiatief moes aanmoedig, veroorsaak dat die lewensstandaard van dié gemeenskap reeds só gedaal het, dat hulle die toelaes as voldoende inkomste beskou. In n baie resente Nederlandse tydskrif wys Schoonderbeek<sup>(37)</sup> ook op die nadele van middeletoetse en in die besonder na die reg van die hulpverlener om verhaal uit te oefen. Hy wys daarop dat begunstigdes dikwels óf nie daadwerklik gehelp word om hulle selfstandigheid te herwin nie óf dat hulle

en / .....

35. cf. verslag deur die Komitee insake Bestaansbeveiliging, Sosiale en Ekonomiese Planneraad, U.G. No. 14 - 1944, Staatsdrukkery, Pretoria.
36. Potgieter, J.F., n Sosiografiese studie van Enkele Afgesonderde Gemeenskappe in die Distrikte Marico en Waterberg, D. Phil-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957, P.139.
37. Schoonderbeek, W., "Snijdende Touwen", Tijdschrift voor Maatschappelijk werk, 18e Jaargang, Nr. 6, 20 Maart 1964, P.105.

en hulle afhanklikes saam met hulle later in die ellende gedompel kan word. Dit geld veral die verhaalreg en in Suid-Afrika word nie so n reg ten opsigte van verlene hulp gehandhaaf nie. Schoonderbeek meen dat wanneer gehelp word dit op so n wyse moet geskied dat dit nie die begunstigde in enige opsig leed moet aandoen nie - ook nie in n latere stadium nie.

Hoewel die Departement van Volkswelsyn en Pensioene n middeletoets ten opsigte van onderhoudstoelae handhaaf, het belangrike verslappings reeds met verloop van tyd ingetree. Bowendien is die hulp wat onder hierdie skema verleen word, merkwaardig verhoog oor die loop van jare scos blyk uit n onlangse ondersoekverslag deur die Departement.<sup>(38)</sup> Hierdie verslag dui aan dat gebrekkige motivering, verantwoordelikheid en produktiwiteit tot selfstandigheid by sommige begunstigdes veronderstel word. Hoewel al die begunstigdes van die toelae afhanklik is vir hulle lewensbestaan, word in sekere gevalle n afhanklikheid wat nie aanvaarbaar is nie, veronderstel.

Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene poog - wat onderhoudstoelae betref - om deur middel van sy vakkundige personeel die aanwesigheid, al dan nie, van n negatiewe geesteshouding, wat gekenmerk word deur gebrekkige ondernemingsgees en onverantwoordelikheid te diagnoseer en te behandel.

ONDERHOUDSTOELAAGBEGUNSTIGDES EN  
DIENBEREIKING.

Beroepsarbeid deur moeders met kinders is geen vreemde verskynsel nie. n Onlangse opname in die V.S.A. toon aan dat

"..... the proportion of married women in the labor force nearly doubled between March, 1940 and March, 1958 (16.7% to 31.4% per cent)"<sup>(39)</sup>

n Onderzoek / ....

38. Maintenance Grants for White Families, Research and Information Series, Dept. of Social Welfare and Pensions, No. 2 of 1963, P.5.
39. Lajewski, H.C., Child Care Arrangements of Full-time Working Mothers, U.S. Dept. of Health, Education and Welfare, Children's Bureau, 1959, P.1

n Onderzoek deur die S.A. Departement van Volkswelsyn en Pensioene toon aan dat n geringe persentasie onderhoudstoelaagbegunstigdes beroepsarbeid verrig. Sowat 51.34 persent van die begunstigdes in die Republiek is weduwees met afhanklike kinders en n verdere 40.46 persent is getroud en het afhanklike kinders in hulle sorg. Die orige 8.20 persent is ongetroude moeders of geskeie persone of wewenaars. Dieselfde ondersoek toon aan dat in 3.21 persent van die gesinne óf die vader óf die moeder die gesin verlaat het.<sup>(40)</sup> In die gevalle van getroude egpare is die eggenoot óf n ongeskiktheidstoelaagbegunstigde, óf is hy vir langer as ses maande uit die gesin afwesig. Afgesien van die feit dat al meer mense na die „aftree ouderdom“ met hulle beroepsarbeid voortgaan, sal die aandag in die huidige ondersoek op die moeder as broodwinner geplaas word. Hiermee word dan veronderstel dat in die gevalle waar die vaders nog in die gesinne aanwesig is, hulle omteen of ander rede onbevoeg is om hulle verantwoordelikhede as broodwinners voort te sit.

Dit is verder van belang om te meld dat 84.13 persent van die begunstigdes se skolastiese opleidingspeil laer as standerd ses is.<sup>(41)</sup> Dit moet derhalwe aanvaar word, dat indien hulle deur middel van beroepsarbeid materiële onafhanklikheid sou nastreef, hulle dit met n lae inkomste sal moet doen.

Gedurende 1938 het die Departement van Volkswelsyn daartoe oorgegaan om goedgekeurde bewaarskole te subsidieer sodat

„..... wanneer behoeftige moeders begerig is om hulle onafhanklikheidsgees te handhaaf deur self pogings aan te wend om hulle kinders te versorg, moet hulle daartoe aangemoedig word .... Indien fasiliteite soos chrêches nie bestaan het nie, sou die moeders waarskynlik ingevolge

die / .....

40. Maintenance Grants for White Families, A.W., P.16.

41. Onderhoudstoelae vir Blanke Gesinne, Navorsing en Inligting, Uitgawe No. 2 van 1963, Dept. van Volkswelsyn en Pensioene, P.23.

die kinderwet bevoorreedes geword het wat van staatstoelae afhanklik is".<sup>(42)</sup>

Aanvanklik moedig die Departement derhalwe die beroeps-  
arbeid van die behoeftige vrou aan. In 'n latere verslag  
wys die Departement<sup>(43)</sup> weereens op die gebruik van die  
werkende moeder in moderne geïndustrialiseerde gemeen-  
skappe en die bydrae wat sy kan lewer om die gesin  
onafhanklik van staatstoelae te hou. Die Departement  
wys ook daarop dat besware geopper is teen die beroeps-  
arbeid van behoeftige moeders. Diegene wat beswaar  
maak, gee voorkeur daaraan dat 'n toelae aan die moeder  
betaal word, terwyl sy self die versorging van haar  
kinders behartig. Die Komitee insake Bestaansbevei-  
liging, 1944,<sup>(44)</sup> het dit ongewens beskou dat moeders  
wingsgewende werk moet doen. Hoewel die subsidie aan  
bewaarskole nog voortgesit word, gee die departement  
tans nog voorkeur daaraan dat die begunstigde moeders  
hulle kinders tuis versorg. Onderhoudstoelaagbegunstig-  
des het dus in hierdie verband 'n rol om te vervul wat  
deur die gemeenskap aan hulle voorgeskryf word. Die  
gemeenskap verwag van hulle om van staatstoelae afhanklik  
te wees.

Daar is egter ook 'n dubbelsinnige element in  
die gemeenskap se houding teenoor die begunstigdes. In  
sy jongste verslag herhaal die Departement sy standpunt  
dat

"..... 'n bewaarskool as maatskaplike hulpmiddel,  
'n baie nuttige bydrae kan lewer in voorkomings-  
diens en die belangrike oogmerk daarmee naamlik  
om behoeftige moeders wat wil werk in staat te  
stel om deur hul eie pogings reëlings te tref  
vir die daaglikse versorging van hulle voorskool-  
se kinders."<sup>(45)</sup>

Gedurende / .....

42. Verslag van die Dept. van Volkswelsyn vir die Boekjare 1937 - 39, Cape Times Ltd., Kaapstad, 1940, U.G., 15 - 40, P.86.
43. Report of the Department of Social Welfare for the Period 1st. October, 1937, to 31st March, 1949, Government Printer, U.G. 36 - 1950, P.45.
44. cf. Komitee insake Bestaansbeveiliging (U.G.14 - 1944), A.W. p.11.
45. Verslag van die Dept. van Volkswelsyn en Pensioene vir die periode 1959 - 1962, Staatsdrukker, Pretoria, P/D 58 - 1962, P.43

Gedurende 1949 is n landswye ondersoek gedoen in verband met Onderhoudstoelaes. Daar is bevind dat sekere begunstigdes neig om geheel afhanklik van staats-toelaes te word. Die aard en omvang van die afhanklikheid is egter nie duidelik aangedui nie.

OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE  
ONDERHOUDSTOELAESKEMA IN SUID-AFRIKA

1. Voor 1921 gee eers die kerk aandag aan die versorging van behoeftige moeders en kinders en word later bygestaan deur vrywillige welsynsorganisasies. Die Provinsies help in die geval van groot behoefte.
2. In 1921 vaardig die Staat die Kinderbeskermingswet, Wysigingswet, uit en skep wetlike maatreëls vir die onderhoud van behoeftige kinders.
3. In 1937 word die bestaande wetgewing vervang deur die Kinderwet, No. 31 van 1937. Die uitvoering van hierdie Wet word n funksie van die Departement van Volkswelsyn.
4. Op 3 April 1939 tree die regulasies tot die Kinderwet in werking.
5. n Skema van Ouerstoelaes tree op 1 Oktober 1942 in werking. Die doel van die skema was "..... om die ouer en veral die weduwees met afhanklike kinders in staat te stel om tuis te bly en al haar aandag aan die versorging en opvoeding van haar kinders te wy." (46)
6. Junie 1942. Die voordele onder die skema van Ouer- en kindertoelae word uitgebrei om gevalle van Oudstryderspensioene en oud-soldate in te sluit.
7. Die Wysigingswet op Kinders, 1944, bring grootouers, stiefouers, broers en ongetroude susters in aanmerking vir onderhoudstoelaes waar hulle van die betrokke kinders in hulle sorg het.

8 / .....

8. 1 April 1947. Volkswelsynbeamptes aanvaar verantwoordelikheid vir ondersoeke in verband met toelaes, toesig en verslagskrywing.
9. Reëlins is getref vir die uitbetaling van toelaes deur Poskantore.
10. 1948. Onderhoudstoelaeskale verbeter.
11. 1949. 'n Landswye ondersoek in verband met die skema.
12. 1955. Herorganisasie van die Departement se velddienste; klerklike ondersoekers ondersoek alle nuwe aansoeke.
13. 1957. Die Departement van Kleurlingsake aanvaar verantwoordelikheid vir Kleurlinge.
14. 1958. Gewysigde regulasies: aansienlike finansiële toegewings.
15. 1960. Die Kinderwet, 33 van 1960, vervang die vorige.
16. 1961. Gewysigde Onderhoudstoelaeskale wat dieselfde is vir stad, dorp en platteland, tree in werking.
17. 1961. Evaluasie-ondersoek in verband met die skema.
18. 1962. Departement van Indiërsake neem verantwoordelikheid vir Indiërs.

B. DIE PERSOONLIKHEIDSTRUKTUUR VAN DIE MENS  
GESIEN IN DIE LIG VAN FAKTORE WAT AFHANKLIK-  
HEID VEROORSAAK EN VAN AFHANKLIKHEID SELF

Die Plek van die mens in die lewenswerklikheid

Die mens se toekoms word nie uitsluitlik deur sy eie wil en kennis bepaal nie. Kulturele aangeleenthede en onderlinge menseverhoudings is belangrike faktore wat die mens beïnvloed. Die menslike bestaan vereis nou eenmaal dat ter wille van die ordelike reëling van gedrag daar kodes en voorskrifte moet wees.

Hierdie / .....



Hierdie kodes en voorskrifte dien as algemene verwysings-  
raamwerk waaraan persone hulle gedrag kan meet om sodoende  
vas te stel of dit aan die gemeenskap se vereistes sal  
voldoen. Dit is derhalwe 'n instrument vir die reëling  
van ordelike gedrag. Net soos die mens feilbaar is, is  
ook die skeppinge uit sy hand feilbaar. Dit bring die  
feit na vore dat die gemeenskapsnorme voortdurend hersien  
moet word. Vir hierdie rede is dit noodsaaklik dat die  
mens geen willose faktor mag wees wat deur sy omstandig-  
hede rondgeslinger word nie. Motivering is 'n baie  
belangrike vereiste om 'n persoon se omstandighede ten  
minste gedeeltelik te verander of só te verwerk dat dit  
vir die self aanvaarbaar is. Hier moet individuele  
verskille tussen persone in gedagte gehou word. Die  
mens neem alle in werkende prikkels op en onderwerp dit  
aan 'n geestelike verwerking. Zipf wys daarop dat

"Human society can be viewed as a field which  
both influences the individual members of the  
group and is influenced by them".<sup>(47)</sup>

Wright meen die mens

"..... is as much a determining organism as  
one that is determined."<sup>(48)</sup>

Pintner merk op dat dit nie vir die individu nodig is om  
met alle in werkende prikkels te konformeer nie of in  
alle opsigte presies soos die ander lede van die gemeen-  
skap te dink en op te tree nie. Hy wys daarop dat  
individuele verskille tussen almal van ons bestaan, en  
dat die persoonlikheid eers dan ophou om normaal te wees  
as die verskille tussen mense só groot word dat mense  
nie meer geredelik kan aanpas by hulle funksies in die  
gemeenskap nie. Hy besef egter ook terdeë die belangrike  
invloed wat andere se beskouings op die individu se  
evaluasië van homself het, soos uit die volgende aan-  
haling blyk:-

"The / .....

47. Zipf, G.K., Human Behavior and the Principle of Least Effort, Addison-Wesley Press, Massa, 1949, P.347.
48. Wright, B.A., Physical Disability - A Psychological Approach, Harper Bros., 1960, P.XVIII.

"The personality concept which we have of ourselves is largely determined by the picture we believe others have of us". (49)

Hierdie oorweging is van besonder groot belang by die huidige ondersoek in verband met 'n geestelike ingesteldheid - dit wil sê 'n houding - by persone wat in ontvangs is van Onderhoudstoelae. Sulke begunstigdes ontleen in 'n groot mate hulle opvattinge in verband met hulle self van heersende beskouings. Dit sal derhalwe ook van belang wees in hierdie ondersoek om te let op die standpunt van die gemeenskap; wat die gemeenskap van die behoeftiges verwag; of die hulp wat verleen word as 'n reg, al dan nie, vertolk moet word en die verantwoordelikhede wat die gemeenskap aan die adres van die begunstigdes rig:

HOUDINGS VAN BEGUNSTIGDES IN VERBAND MET EIE VERANTWOORDELIKHEID, PRODUKTIEWITHEIT, VERSORGING VAN HULLE EN HUL KINDERS EN SELFRESPEK.

Allport definieer 'n houding soos volg:-

"An attitude is a mental and neural state of readiness, organised through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's response to all objects and situations with which it is related". (50)

In hierdie ondersoek word aanvaar dat selfstandigheidsingesteldheid 'n houding is; dat elke begunstigde 'n bepaalde houding betreffende selfrespek, produktiwiteit, eie verantwoordelikheid, ens. in verband met die ontvangs van onderhoudstoelae het. Verder word aanvaar dat hierdie ingesteldheid by die begunstigdes 'n rigtinggewende en dinamiese invloed op hulle reaksies uitoefen.

Allport /...

49. Pintner, R., The Psychology of the Physically Handicapped, Appleton Century - Crofts, Inc., New York, 1941, P.9.

50. Murphy, G., Experimental Social Psychology, Harper Bros., N.Y., P.889

Allport<sup>(51)</sup> noem vier wyses waarop houdings kan ontstaan, naamlik deur integrasie, differensiasie, skok en die oorneming daarvan van ander persone. In hierdie ondersoek word aanvaar dat selfstandigheids-ingesteldheid deur katastrofes beïnvloed kan word; dat dit in 'n mate deur „sub-cultures" beïnvloed kan word en dat integrasie en differensiasie ook 'n rol speel. Wanneer 'n behoefte persoon oor 'n lang periode voortdurend aan mislukkinge onderhewig is, is dit waarskynlik dat mismooedigheid, neerslagtigheid en selfs 'n fatalistiese geestesstemming in sy persoonlikheid geïntegreer kan raak. So 'n houding sou bydra tot 'n afname in die sterktegraad van 'n persoon se motivering tot eie versorging. In 'n verslag onder die opskrif:

"Men without work",

word na so 'n geval verwys van 'n agt-en-dertigjarige persoon wat nie werk kan vind nie, omdat hy nie beskik het oor

"..... the necessary push to squeeze himself into work ..... it was clear that as time went on, he was getting a more and more defeatist attitude to work".<sup>(52)</sup>

Tydens die ondersoek is gevalle aangetref waar persone sterk antagonisties gestaan het teenoor die feit dat die Departement van tyd tot tyd verdere ondersoek in verband met begunstigdes se middele instel. Die begunstigdes het in sommige gevalle verklaar dat dit voorkom asof hulle nie vertrou word nie. In ander gevalle is vermoed dat kwaadwillige inligting aan die Departement oorgedra is wat tot die verdere ondersoek aanleiding gee. Die negatiewe houding ten opsigte van die middele-toets - dat persone voel dat hulle gewantou word - kan deur 'n persoon oorgeneem word van ander se beskouings sonder dat hy self ondervinding in dié verband gehad het. Dit is herhaaldelik gevind dat begunstigdes na

beweerde / .....

51. Remmers, H.H., Introduction to Opinion and Attitude Measurement, Harper & Brothers, New York, 1954, Hoofstuk I.
52. Men Without Work, A Report made to the Pilgrim Trust, Cambridge Univ. Press, Cambridge, 1938, P.145.

beweerde ondervindinge (wedervaringe) van ander begunstigdes verwys.

Persoonlike katastrofes oefen beslis 'n belangrike invloed uit op die houdings van onderhoudstoelaagbegunstigdes soos dit blyk uit die verskynsel dat ongeveer die helfte van die begunstigdes se eggenotes oorlede is; in twee-vyftes van die gevalle is die man óf medies ongeskik om beroepsarbeid te verrig, of oud. Afgesien van die feit dat die man as broodwinner in die meeste gevalle afwesig is, is die begunstigdes in behoefteigheid gelaat met afhanklike kinders waarvoor hulle die versorgings- en opvoedingsverantwoordelikheid moet aanvaar. Dit werk gebrekkige sekuriteit en spanning in die hand. Die feit dat hulle aan die Departement se middeletoets kon voldoen, is in sigself 'n bewys van behoefteigheid.

Lazarus maak 'n onderskeiding tussen twee soorte situasies as bronne vir spanning:-

"..... one that produces deprivation of biological needs or makes extreme physical demands upon the individual, and one that involves threats to the self-esteem of the person".<sup>(53)</sup>

Hy wys daarop dat die gevolge van die laasgenoemde 'n meer langdurige uitwerking op die persoon se houdings het. Die Onderhoudstoelaagbegunstigdes bestaan uit persone uit albei genoemde situasies. 'n Groot persentasie het reeds vantevore finansiële swaar gekry; het 'n minder gegoede lewenswyse gevoer en pas hulle derhalwe makliker by die lae inkomste, wat die toelae bied, aan. Ander gevalle weer moet 'n groot aanpassing maak en vereenselwig hulle moeiliker met die feit dat hulle van die toelae afhanklik moet wees.

Kluckholm & Murray<sup>(54)</sup> vind sekere interessante psigologiese gedragpatrone by persone wat aan katastrofes onderhewig is. Hulle bevind dat die

betrokkenes / ....

53. Lazarus, R.S., Adjustment and Personality, McCraw-Hill Book Co., New York, 1961, P.309.

54. Allport, G.W., J.S. Bruner & Gandorf, E.M., "Personality under Social Catastrophe: 90 Life-Histories of the Nazi revolution", Personality in Nature, Society and Culture, Alfred A. Knopf, New York, 1948, P.345.

betrokkes aan die begin nie die erns van die situasie teenoor hulle self wil erken nie en daarom in gebreke bly om n realistiese aanpassing te maak; lang tydperke verloop soms terwyl die situasie intussen versleg; wanneer hulle die erns van die situasie teenoor hulle self erken, verloop gewoonlik nog n geruime tyd voordat hulle aktiewe stappe neem om die probleem die hoof te bied of te ontvlug omdat die bekende dinge waaraan hulle geheg is, stremmend inwerk op die maak van veranderinge; soms is n intense skok vir die persoon nodig om tot aksie oor te gaan, omdat hulle dikwels hulle aandag van die katastrofiese situasie wegtrek deur doelbewus boeke te lees, hulle met musiek of ander aktiwiteite besig te hou en só die werklike feite probeer ontvlug; soms word gepoog om die katastrofiese omstandighede fisies te ontvlug, maar solank die persoon na daardie omstandighede moet terugkeer word hulle probleem nie permanent opgelos nie.

Kluckhohn & Murray<sup>(55)</sup> wys ook op die sosiaal sielkundige gevolge van frustrasie wat uit katastrofes voortspuit. Gevalle word vermeld waar persone die stryd, onder druk van frustrasie, gewonne gee:

"With a minimum of action and no aggression whatsoever, they seemed to surrender to the irresistible tide. In many cases, to be sure, this surrender was accompanied by feelings of depression and a bitter consciousness of defeat".

Miller en Swanson<sup>(56)</sup> beweer dat langdurige besluiteloosheid die gevolg kan wees van teenstrydige impulse om tot n stap oor te gaan of aan vorige omstandighede vas te hou. As gevolg van n ambivalente geesteshouding en die herhaalde swaai in die relatiewe sterktegraad van die impulse, kan die persoon nie tot n besluit kom nie en bly die innerlike konflik voortbestaan omdat nie een van die behoeftes bevredig kon word nie. Solank die persoon n oplossing bly uitstel neem die intensiteit van die konflik toe en word n baie onaangename gemoedstoestand ondervind. As die botsende behoeftes baie sterk is, kan die konflik só oorheersend word  
dat / .....

55. Allport, G.W., Bruner, J.S., & Gandorf, E.M., A.W., P.346.

56. Miller, D.R., & Swanson, G.E., Inner Conflict and Defense, Henry Holt & Co., New York, 1960, P.17.



dat die persoon dit moeilik vind om sy gewone aktiwiteite uit te voer. Angs en spanning kan lei tot onvolwasse en irrasionele gedrag, sodat die betrokke dit moeilik vind om probleme logies te ontleed en op effektiewe wyse aan te pak. Barker<sup>(57)</sup> vind dieselfde sielkundige uitwerking van angs en spanning op fisies gestremde en siek persone. In hierdie stadium is dit belangrik om daarop te wys dat, afgesien van die noodsaaklikheid dat persoonlikheidsmeganismes teen spanning opgebou moet word, die houding van die gemeenskap - in hierdie geval die staat - geensins dubbelsinnig mag wees nie. Die persone wat onderhoudstoelae ontvang moet weet wat hulle presiese verantwoordelikhede, verpligtinge, voorregte of regte onder die skema is. Dit kan reeds veel bydra om onsekerheid, twyfel en wantroue uit te skakel.

Uit voorafgaande paragrawe is dit duidelik dat spanning 'n stremmende invloed op die ontwikkeling van goeie gewoontes en 'n volwasse lewensuitkyk kan hê, veral in die geval van dié persoonlikhede met lae weerstand teen spanning. Dit kom dus duidelik daarop neer dat spanning tot karakterafwykings aanleiding kan gee. Lazarus<sup>(58)</sup> klassifiseer, wat hy, 'passive dependency' noem, as 'n karaktergebrek. Die begrip, passiewe afhanklikheid, word deur hom as 'n houding bestempel.

Met die aansienlike toegewings wat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene reeds op finansiële gebied aan begunstigdes gebied het, is baie gedoen om spanning, angs en gebrekkige sekuriteit uit te skakel. Dit was egter nie die doel van hierdie ondersoek om vas te stel of die hulp voldoende is, al dan nie.

Aangesien in 'n minderheidsgevalle onderhoudstoelae aan eggenotes van fisies gestremde persone en fisies gestremde persone self betaal word, is dit

wenslik / ....

57. Barker, R.G., Adjustment to Physical Handicap and Illness, Survey of the Social Psychology of Physique and Disability, Social Research Council, 230 Park Ave., N.Y.17., P.240.

58. Lazarus, R.S., A.W., P.358.



wenslik om in die verbygaan daarop te wys dat fisies gestremde persone nie n laer frustrasieweerstand as fisies normale persone het nie. Wright<sup>(59)</sup> haal twee deeglike ondersoeke aan om hierdie feit te illustreer. Sy wys ook daarop dat sekere psigologiese toestande wat gewoonlik slegs as nadelig vir die persoon gesien word, ook groot positiewe waarde kan hê (p.20). Só byvoorbeeld kan minderwaardigheid en n skaamtegevoel tot groot pogings aanspoor om struikelblokke te oorkom. Persone strewe gewoonlik daarna om aanvaarbaar te wees.

Dit gebeur dat sekere persoonlikheidskenmerke aan onderhoudstoelaagbegunstigdes as groep toegeskryf word. Die volgende aanhaling uit n standpunt van Bell spreek vir sigself:-

"This article describes one instance of social invention - a small demonstration project ..... in providing a group program for mothers who are recipients of public Assistance through the program of Aid to Families with dependent children. The aim is to help these women become more socialized, to restore their self-confidence, and to give them an opportunity for constructive activity. Many public Welfare Workers have observed that a particular syndrome seems to be characteristic to the mother who is supported ... The three major symptoms in this syndrome - the common psychological and social denominators, as it were - are depression, isolation and low self-esteem. These reveal clearly the woman's reactions to herself, her life and her status in the community".<sup>(60)</sup>

Doob / .....

59. Wright, E.A., A.W., P.89

60. Bell, C.W., & Kaplan, H.L., "Public Voluntary Sponsorship of a Mothers' Group", Social Casework, Vol. XLV No. 1, Jan. 1964, P.21 - 25.

Doob kom tot die gevolgtrekking dat:

"In the culturally laden past, consequently, lie the basic determinants of the individuals' behavior, of the attitudes he shares with others".<sup>(61)</sup>

Remmers<sup>(62)</sup> wys daarop dat houdings spesifiek of algemeen georganiseer kan wees. Hy haal Hartshorne en May aan wat bevind het dat houdings in verband met eerlikheid, diens en selfkontrole baie spesifiek van aard is. Ander ondersoekers vind dat houdings in verband met maatskaplike- en gedragsaangeleenthede, kommunisme, die kerk, radikalisme, konserwatiwisme, ens. van meer algemene aard is. Die houdings wat met groter ego-betrokkenheid gepaard gaan, is meer spesifiek van aard en oor die algemeen ook meer bestendig. Hsu<sup>(63)</sup> bevind in n studie van die „Amish" dat bestendige lewenspatrone en houdings deur opvoeding vasgelê kan word.

Verskeie ondersoekers, waaronder Buck<sup>(64)</sup> bevind opvallende veranderings in sekere houdings oor n paar jaar; naamlik ten opsigte van werkloosheid en sosialisme. Remmers<sup>(65)</sup> vermeld n ondersoek deur Petersen en Thurston waar n veranderde houding deur middel van n rolprent bewerkstellig is en na n jaar nog voortbestaan het. n Laaste aspek wat in verband met die bestendigheid van houdings vermeld moet word, word gevind in die volgende woorde van Doob:

"To / .....

61. Doob, L.W., Public Opinion and Propaganda, Henry Holt & Co., Inc., U.S.A., 1949, P.48.
62. Remmers, H.H., Introduction to Opinion and Attitude Measurement, Harper & Bros., N.Y., 1954, P.167.
63. Hsu, F.L.K., Aspects of Culture and Personality, Abelard-Schuman, N.Y., 1954, P.54.
64. Buck, W., "A Measurement of Changes in Attitudes and Interests of University Students over a ten year period", Journal of Abnormal Psychology, 1936, P.12 - 19.
65. Remmers, H.H., A.W. p.167

"To call behavior inconsistent at a given moment or over a period of time is frequently misleading because, as Allport has shown ..... apparently inconsistent actions may be consistent with a broader principle or set of attitudes within the individual. The man who distrusts the masses but who favors 'democracy' may be quite consistent from his own viewpoint ..... Socially and perhaps logically he is inconsistent; psychologically he is consistent."<sup>(66)</sup>

### AFHANKLIKHEID

Selfstandigheid kan nie los van afhanklikheid gesien word nie. Dit staan as teenoorgestelde van afhanklikheid. Hoewel die afhanklikheidsbegrip teenoor selfstandigheid staan, verteenwoordig die twee begrippe nie noodwendig twee uiterste punte op 'n afgebakende meeteenheid nie. Twee persone kan byvoorbeeld beide as afhanklik gesien word, maar met die een persoon in verhouding meer selfstandig as die ander. Die afhanklikheids- en selfstandigheidsbegrippe is in sigself relatief en moet eerder gesien word as 'n beweging in teenoorgestelde rigtings. Op 'n bepaalde oomblik kan die begrippe as 'n toestand op 'n kontinue lyn gesien word en die begrip -- selfstandig of afhanklik-- wat vir die toestand gebruik gaan word, sal bepaal word deur die teoretiese punt waarmee die toestand vergelyk word. Wanneer die toestand byvoorbeeld met 'n teoretiese meer selfstandige punt vergelyk word, sal die toestand as meer afhanklik beskryf word. Sover is die definisie egter te teoreties en relatief om as basis vir meting te dien.

Vroeër in hierdie hoofstuk is verwys na gemeenskapskodes en voorskrifte wat daarop gemik is om ordelike gedrag te reël. In hierdie studie word veronderstel dat die gemeenskap ook sekere kodes handhaaf met betrekking tot selfstandigheid en afhanklikheid; al is dit waarskynlik nie baie duidelik omlin

en / .....

en beperk nie. Dit is derhalwe baie meer doeltreffend om die gemeenskap self te gebruik vir die bepaling van die middelpunt en ander relatiewe verhoudings op 'n teoreties kontinue afhanklikheids/selfstandigheidslyn as om op 'n ander wyse self skaalwaardes toe te ken.

Fairchild<sup>(67)</sup> definieer afhanklikheid soos volg:

"A condition in which a person, not possessing the means of securing economic goods or services essential to the minimum standard of existence, is forced to seek and accept public or private assistance. Also, a legal state such as dependency of child upon parents, of wife upon husband for support",

Voorafgaande definisie plaas die klem op die werklike afhanklike toestand en nie soseer op die persoon se psigologiese ingesteldheid teenoor die afhanklike toestand nie. Die afhanklikheid/selfstandigheid wat in hierdie ondersoek bestudeer word, is in die eerste plek 'n houding.

Lazarus beskrywe afhanklikheid as houding soos volg:-

"Passive dependency is characterized by an attitude of helplessness, indecisiveness, and a tendency to cling to others for emotional support and help in any small crisis".<sup>(68)</sup>

Hy beskou hierdie afhanklikheid as 'n karaktergebrek. Harriman sien in afhanklikheid 'n behoefte aan ego-versterking of 'n toestand van onvolwassenheid. Volgens hom is afhanklikheid -

"..... a state of needing economic or psychological support (in the latter instance, implying a want of ego strength or a state of immaturity)".<sup>(69)</sup>

Sekere / .....

67. Fairchild, Henry P., Dictionary of Sociology and Related Sciences, New Students Outline Series, Littlefield, Adams & Co., 1961, P.91.
68. Lazarus, R.S., Adjustment and Personality, McCraw-Hill Book Co., Inc., N.Y., 1961, P.358.
69. Harriman, P.L., Handbook of Psychological Terms, Littlefield, Adams & Co., Paterson, New Jersey, 1961, P.42.

Sekere vorme van afhanklikheid, soos byvoorbeeld die voorsiening van gratis onderwys, word deur die openbare mening gewettig.

Soms word die vrees gekoester dat persone as gevolg van inherente luiheid die hulp wat die gemeenskap bied, sal uitbuit en daardeur gedemoraliseer sal word. Pigou meen dat hulp nie in kontant verleen moet word nie aangesien dit aanleiding kan gee tot uitbuiting. Volgens hom het hulpverlening in natura of by wyse van gelewerde dienste nie so n negatiewe uitwerking nie, maar

"..... tend to be 'neutral' in their effect on incentive for income".<sup>(70)</sup>

Gillen deel afhanklikes in as

"..... natural dependents, customary dependents, and legal dependents. Cutting across all these is another, normal or abnormal dependents".<sup>(71)</sup>

Weereens is dit die veiligste om die gemeenskap self te laat besluit wanneer en in hoe n mate afhanklikheid abnormaal en ongewens is. Dit is seer sekerlik nie die afhanklike toestand wat in sigself met agterdog bejeën word nie, maar die gevaar van uitbuiting as gevolg van gebrekkige motivering, ambisie, inisiatief, ywer en onverantwoordelikheid by die begunstigde.

n Verdere belangrike faktor is die begunstigde persoon se regspraak op hulp. Die christelike godsdiens plaas n verpligting op die versorging van die behoeftige naaste. Hieruit kan nie sonder meer afgelei word dat die behoeftige van sy verantwoordelikhede onthef word nie. Selfs deur te veel op n persoon se regte te staan kan in abnormale gevalle as selfsugtigheid bestempel word.

Op godsdienstige vlak het begunstigdes n reg op versorging, omdat die godsdiens dit beveel. Op maatskaplik-staatkundige vlak moet die gemeenskap so n 'reg'-beginsel eers wettig. In die V.S.A., Engeland en Nederland is daar n algemene neiging om hierdie regspraak / ....

70. Pigou, A.C., The Economics of Welfare, McMillan & Co., Fourth Ed., 1950, P.720.

71. Gillen, J.L., Poverty and Dependency, Revised Ed., New Century Co., N.Y., 1926, P.117.



regsaanspraak op materiële staatsondersteuning deur wetgewing te magtig. Die 'reg'-beginsel word in die V.S.A. selfs deur appélregte gerugsteun.

Die volgende beskouings sal ook meer lig op die oorsese benadering werp:-

- (1) Towle beweer: "Public assistance laws and other social legislation are the culmination of a democracy's conviction regarding its responsibility for human welfare ..... If, as public assistance administrators we have genuine conviction as to the applicants rightful claim on society in time of need, if our feelings about this principle are not divided, we will be inclined to think in terms of the applicant's needs and in the long run protect the tax payer. If, however, we are in conflict in our thinking about the individual's right to public assistance, we may fear the community's attitude toward our spending and, instead of assuming responsibility for interpretation of the applicant's need we may ease our fear by silently conserving public funds at the recipients immediate and the community's eventual cost".<sup>(72)</sup>

Psigologies skort daar iets met die praktiese uitvoering van hierdie beginsel want die begunstigdes is enersyds dankbaar teenoor die organisasie wat hulle help, maar tegelykertyd word die onderlinge verhoudings gestrem. Dit is waarskynlik die gevolg van die feit dat teenverantwoordelikheid nie as voorwaarde gestel word nie. Die begunstigdes voel dan skepties omdat hulle óf gedevalueer voel of dat die persoon voel dat hy met n saak verbind word wat later onaangename gevolge kan hê.

(2) De Schweinitz / ...

72. Towle, C., Common Human Needs, National Assoc. of Social Workers, 95 Madison Avenue, New York 16, P.1 - 4.

(2) De Schweinitz grond die regsbeginself op die persoon se status in die gemeenskap:-

"The recipient of aid or assistance has a right to what he receives, but this right is his because he is a member of the community, or of a special group for whom the aid is provided, and because he is in need".<sup>(73)</sup>

n Persoon kan egter ook n regs aanspraak hê op grond van kontraktuele beginsels, dit wil sê op grond van verdienste of ooreenkoms. n Kenmerk van die hede is werkloosheidstoestande en behoefte as gevolg van faktore buite die persoon. Roney beweer:

"Major factors contributing to dependency have changed from mass employment in the 1930's .... to disability, chronic illness, advanced age, and family disruption in the 1950's".<sup>(74)</sup>

(3) Die V.V.O. maak in sy deklarasie van menseregte (1948) voorsiening vir die beginsel dat behoeftiges n reg op materiële versorging het en beweeg in die rigting van n internasionale toepassing van daardie beginsel.

In Suid-Afrika word onderhoudstoelae betaal aan persone wat aan n middeletoets en ander gestelde vereistes voldoen. Die staat aanvaar verantwoordelikheid en betaal n toelae. Dit is reeds beklemtoon dat die gemeenskap verkies dat begunstigdes nie moet werk nie, maar dat hulle die daaglikse versorging van hulle kinders self moet waarneem ten einde die benadeling of verwaarlosing van die kinders te voorkom. Sommige ondersoekers is van mening dat die beroepsarbeid van die moeder maar één van n hele aantal faktore is wat op die kind nadelig mag inwerk. Herzog meen dat dit slegs n sekondêre faktor is.

"All / .....

73. De Schweinitz, E., Interviewing in the Social Services, Published for the National Institute of Social Work Training by the National Council of Social Service, U.S.A., P.16.
74. Roney, J.L., Social Work Yearbook 1960, National Assoc. of Social Workers, New York, 1960, P.460.

"All in all, the research evidence available so far suggests that the mother's working is only one of many factors impinging on children and, despite individual variations - that on the whole it is a secondary rather than a primary factor, so far as child development and adjustment are concerned".<sup>(75)</sup>

#### DEMORALISERING EN HULPVERLENING

Demoralisering is gebaseer op die vrees dat hulpverlening aan behoeftiges aanleiding kan gee dat hulle persoonlike ambisie, inisiatief, verantwoordelikeitsin, arbeidsaamheid en strewe om selfversorgend te wees, benadeel kan word. In sy wese is dit dus gebou op die opvatting dat mense inherent traag is en dat hulle weens hierdie inherente traagheid sal probeer om hulle verantwoordelikheid te omseil. Die vrees bestaan verder dat enige hulpverlening wat meer is as die inkomste wat deur middel van die gewone gemeenskapsinstellings bekom kan word, die maksimum verantwoordelikeitsaanvaarding sal verslap en die welsyn van die gemeenskap sal ondermyn.

Zipf<sup>(76)</sup> vind n beginsel van "Least Effort". In soverre dit as n traagheidsbeginsel beskou kan word, het dit n positiewe doel en is dit gerig op die beste voordeel deur die minste aktiwiteite. Dit kom neer op die uitskakeling van nuttelose en doellose aktiwiteite, die bereiking van die maksimum voordeel deur die minste werkverrigting.

Aangesien organismes neig tot konstante en reëlmatige funksionering kan gedrag wat tot stagnasie lei as patologies beskou word. n Toestand van homeostase veronderstel konstante funksionering.

Luiheid is in sigself n patologiese verskynsel. Waar dit wél voorkom moet dit as n individuele afwyking gesien word en nie as n beginsel waaraan alle mense onderhewig is nie. Die mens verskil juis hierin van n masjien dat hy geaktiveer wil wees en n weerstand het teen n equilibriumtoestand wat vir hom die dood sou beteken.

Verskeie / ....

75. Herzog, E., Children of Working Mothers, U.S. Department of Health, Education and Welfare, Children's Bureau, 1960, P.30.

76. Zipf, G.K., A.W., P.445.

Verskeie ondersoekers, waaronder Brown, (77) het reeds gewys op die soort breë veralgemenings, dat alle mense basies lui is. Brown ontken dat werk vir alle mense n straf is. Inteendeel vorm dit n baie belangrike element van die mens se lewe. Baie persone hou lank nadat hulle die voorgeskrewe aftree ouderdom bereik het nog aan met werk. Wat dikwels as luiheid vertolk word, is niks minder as n gebrekkige belangstelling, wanaanpassing binne die persoon as gevolg van frustrasie of swak aanpassing by primêre groepe in die werksituasie nie. In die geval van onderhoudstoelaagbegunstigdes moet in aanmerking geneem word dat hulle óf nog nooit buitenshuise beroepsarbeid verrig het nie óf baie lank werkloos was. n Gewoonte patroon is gevorm wat deur her-aanpassing gewysig moet word en verder oefen die onbekende element van die werksituasie n stremmende invloed uit.

Gillen neem die standpunt in dat demoralisering voorkom kan word deur Maatskaplike werk (case work) en toesig oor begunstigdes. Hy konstateer:-

"There is no question that public outdoor relief as usually administered is demoralizing ..... Careful diagnosis of each case must be the basis upon which treatment is given. Relief is only one element in the treatment for the restoration of the family to independence ....."(78)

Die demoraliseringsbegrip het reeds heelwat veranderinge ondergaan sedert die begin van die eeu. Die Carnegie Kommissie sien n demoraliserende neiging in sake wat vandag heeltemal aanvaar word.

"Daar het n sterk neiging tot afhanklikheid, veral van die staat, by baie armes ontstaan. Hierdie gesindheid was nie n kenmerk van die volkskarakter nie. Die afhanklikheidsin betref sake soos: die kostelose voorsiening van losies en onderwys van die kinders, in sommige gevalle selfs van boeke en klere, kinderwelvaart, werkverskaffing vir werklooses, voorsiening van voedsel en behuising / .....

77. Brown, J.A.C., The Social Psychology of Industry, Pelican Series (A.296), 1954, P.66.

78. Gillen, J.L., A.W., P.176.

en behuising; voorsiening van grond en vee op die maklikste voorwaardes, kostelose versorging van siekes en afgeleefdes; noodleniging tydens rampe....." (79)

Die meeste van bovermelde aangeleenthede is vandag reeds ingeburger en het deel van die volkskarakter geword.

### SELFSTANDIGHEID

Dit is verbasend hoeveel vaagheid oor hierdie begrip bestaan. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die wyse waarop dit in hierdie studie aangewend sal word, duidelik sal wees.

Die begrip word in die alledaagse spreektaal, waar dit gaan om die verhoudinge van mens tot mens, nooit gebruik in die betekenis van volkome individuele outonomie nie. Die gemeenskap kan slegs voortbestaan indien die individu in sekere opsigte afhanklik en in andere selfstandig is, maar glad nie binne perke van volkome individuele outonomie nie. Bewys vir voorafgaande stelling is die feit dat die gemeenskapsgedagte tot niet sou gaan indien die individuele lede van daardie gemeenskap daarin sou kon slaag om in totale isolasie en onafhanklikheid van andere te leef. Die selfstandigheidsbeginsel moet dus onderskei word van onafhanklikheid.

Selfstandigheid veronderstel 'n relatiewe graad van onafhanklikheid binne besondere omstandighede. Die gemeenskap lê self eise en norme neer ten opsigte van die graad van onafhanklikheid wat vereis word. Die volgende is voorbeelde :-

Die gemeenskap is in hoë mate ten gunste van gasvryheid, maar keur die misbruik daarvan af;

Die gemeenskap vereis van die natuurlike afhanklike kind nooit meer selfstandigheid as dié waarvoor sy geestelike en fisiese vermoëns sig leen nie.

Namate die kind groei en tot volwassenheid ontwikkel, word van hom groter verantwoordelikeidsaanvaarding en selfstandigheid verwag om sodoende met sy ontwikkeling tred te hou.

Soms /...



Soms mag onderlinge afhanklikheid 'n positiewe faktor wees om individuele selfstandigheid te bevorder. Dit gebeur dat persone van bepaalde belangegroepes die lede van daardie groep deur middel van finansiële ondersteuning van bankrotskap red.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal die S.A. Blanke Afrikaanssprekende gemeenskap se eise en norme vir selfstandigheid as maatstaf geneem word. Dit is egter noodsaaklik om te weet uit watter aspekte en bestanddele die selfstandigheidsbegrip opgebou is sodat geskikte menings aan die gemeenskap vir beoordeling voorgelê word. Die volgende is aspekte van selfstandigheid soos uit verskillende boeke, ondersoeke en onderhoude ontleed:-

Verantwoordelikeheidsin, selfrespek, selfgelding, reaksie op hulp van buite, teenprestasie en die persoonlike instelling daarteenoor, omstandigheidsbeskouing (beheersing van omstandighede of willose onderwerping), houding teenoor kwantitatiewe aspekte van hulp wat ontvang word, houding teenoor kwalitatiewe aspekte van hulp, duur van hulpontvangste en beskouings in verband met motiveringsvereistes.

Hierdie verskillende aspekte van selfstandigheid oorvleuel dikwels in 'n groot mate, maar het tóg gerieflik en doeltreffend geblyk om die toepaslikheid van houdings te bepaal.

By wyse van hipotese is aanvaar dat die volgende met groter selfstandigheid gepaard gaan:-

- (i) Groter verantwoordelikeheidsin.
- (ii) Groter selfrespek.
- (iii) Groter mate van selfgelding.
- (iv) Groter aktivering en motivering.
- (v) Minder geredelike bereidheid om onder alle omstandighede hulp te gaan vra.
- (vi) Hoogstelling van teenprestasies in enige positiewe vorm.

(vii) Die / .....

- (vii) Die beperking van die hoeveelheid ontvangende hulp tot 'n minimum - deur die begunstigde self.
- (viii) Die beperking tot 'n minimum van die duur van ontvangende hulp.
- (ix) Vermy of beperking van herhaling van hulpontvangste.
- (x) 'n Gesindheid om nie onbuigbaar op voorregte of regte te staan nie; die aanvaarding van die beginsel dat 'n reg of voorreg nie van teenverantwoordelikheid losgemaak kan word nie.

Waar selfstandigheid op 'n bepaalde oomblik as 'n toestand beskou kan word, is selfstandigheidsingesteldheid weer gemoeid met die motiverende en wilsaspek. Dit is 'n normatiewe begrip met etiese inslag, wat dui op 'n voortgesette en vrywillige keuse deur die persoon om sy gedrag op die selfstandigheidstoestand in die vorm wat die gemeenskap dit goedkeur of hoog aanskryf, te rig.

Selfstandigheidsingesteldheid word ook gekenmerk deur die eienskappe wat aan houdings eie is. Daar is 'n verstandelike en neurologiese gereedheidstoestand aanwesig wat 'n bepalende invloed op die persoon se gedrag uitoefen; deur opvoeding en ondervinding bou die persoon 'n verwysingsraamwerk van 'n selfstandige toestand op en wanneer 'n prikkel in verband met selfstandigheid op die spel is, waarop 'n beslissing gemaak moet word, verwys die persoon eers terug na daardie raamwerk. Dit word van 'n refleks onderskei as gevolg van die kognitiewe en konatiewe aspekte. Persone verskil onderling in selfstandigheidsingesteldheid teenoor instellings, waardes, ens., tenspyte daarvan dat kulturele aangeleenthede 'n belangrike invloed uitoefen om selfstandigheid te bepaal; ook verskil die intensiteit van 'n individu se eie selfstandigheidsingesteldheid teenoor verskillende sake op 'n bepaalde tydstip en is aan veranderinge onderhewig met verloop van tyd. Die selfstandigheidsingesteldheid - dit wil sê die intensiteit van die persoon se motivering - is nie direk meetbaar nie maar moet van die persoon se gedrag, insluitende verbale gedrag, afgelei word. Wat Murphy van houdings in die algemeen sê, is ook heeltemal van toepassing op selfstandigheidsingesteldheid, te wete:

"It / .....

"It is probably safe to say that attitudes relate not primarily to the past, nor even primarily to the present, but as a rule to the future".<sup>(80)</sup>

Selfstandigheidsingesteldheid kan ook gepaard gaan met elemente van rasionalisasie, kompensasie, projeksie, identifikasie, konformering en regressie. Wanneer bepaalde doelstellings waarop die ingesteldheid gerig is heeltemal buite die persoon se bereik is, tree rasionalisasie soms in; indien die ingesteldheid op 'n toestand gerig is wat leed inhou, bestaan daar 'n neiging om die ingesteldheid so aan te pas dat die leed, sover moontlik, vermy word, ens.

Hoewel beide afhanklikheid en selfstandigheid gedefinieer moes word om die doelstellings waarheen, waarvandaan of waarteen die wilskrag beweeg aan te dui, is die dryfvere self die belangrikste element van hierdie ondersoek en word gepoog om die intensiteit daarvan te meet.

Benedict<sup>(81)</sup> bevestig die bestaan van sodanige dryfvere tot selfstandigheid. Waar die dryfvere swak of baie swak is, kan onderskeidelik van 'n swak en baie swak selfstandigheidsingesteldheid sprake wees. Benedict verhaal van laasgenoemde ingesteldheid by die inwoners van die Seychelles eilande. Met grootskaalse werkloosheid, 'n lae per kapita inkomste en 'n maatskaplike, politieke en ekonomiese struktuur wat weinig stimulerende invloed op die plaaslike onderneming het, is die Seychelles-eilande 'n sprekende voorbeeld van lewensomstandighede wat swak selfstandigheidsingesteldheid koester en kweek. Die meeste inwoners is nie slegs arm nie, maar 'n geestesklimaat wat afhanklikheid sterk aanbeveel, word gehandhaaf.

"Economic / .....

80. Murphy, G., A.W., P.894.

81. Benedict, B., "Dependency and Development in the Seychelles", Social Service Quarterly, Vol. XXXVII, No. 1, June/Aug. 1963.

"Economic and political power is in the hands of a few seychellois. These few know each other and have personal networks based on kinship and acquaintance which run all over the colony. The eager and ambitious will attempt to attach themselves to these networks. This can be done through ties of kinship and/or dependence.

A man (or woman) looking for a job attempts to trace a connection with someone influential. Perhaps he is the illegitimate son of a man who control a few jobs....."(82)

Die heersende afwesigheid van 'n sterk selfstandigheidsingesteldheid op die Seychelles-eilande blyk dan ook uit die volgende aanhaling:-

"..... an atmosphere of defeatism which is so universal that it strikes the new-comer as one of his earliest and most forceful impressions. He (the observer) deplored the 'lack of self-help and self-reliance' and noted that as a community their attitude is to live for the present and ignore the future."(83)

Hierdie voorbeeld illustreer ook 'n ander eienskap wat met selfstandigheid mag saamval, te wete die strewe by die meer selfstandige groep om die minder selfstandige van hulle afhanklik te hou. Wright<sup>(84)</sup> wys op dieselfde neiging teenoor minderheidsgroepe.

Dit moet in aanmerking geneem word dat daar twee uitgangspunte is vir die selfstandigheidsingesteldheidsverskynsel. Eensyds is daar die individu met sy potensialiteite, motivering en geleentheid en andersyds 'n maatskaplike struktuur wat die individu beïnvloed.

#### KULTUREL ASPEKTE VAN SELFSTANDIGHEIDSINGESTELDHEID.

Alle sielkunde is sosiale sielkunde. insoverre as wat elke mens as lid van 'n groep of gemeenskap optree, die groep beïnvloed en self beïnvloed word.

Svarc / .....

- 82. Benedict, B., A.W., P.9 - 10.
- 83. Benedict, B., A.W., P.9
- 84. Wright, B.A., A.W., P.15

Svarc gee besonder interessante gegewens in verband met die invloed wat persone se kulturele agtergrond op hulle houdings ten opsigte van materiele versorging het. Hy betoog soos volg:-

"Do clients who apply for financial assistance always feel shame and humiliation? Is there always resistance to asking for help? The literature of Social Casework, in emphasizing the importance of helping the applicant for financial assistance to maintain his selfrespect, implies that feelings of shame and humiliation are inevitable .....

These assumptions of Social Work literature reflect the values of the American core culture based on the Protestant ethic, the Puritan spirit, and the pioneer way of life, in which a man's worth is related to his ability to help himself. It is assumed that anyone can succeed if he tries hard enough; if he fails the trouble must be within him .....

There seems to be no evidence in the Social Work literature that this assumption may not be universally valid, and that 'normal' clients from different cultural backgrounds may feel different. Workers who came in contact with new immigrants, or with displaced persons in Europe could not fail to notice a discrepancy between their own expectations and the attitudes of their clients. Many of those clients, and especially those who had suffered severe threats to life or catastrophic losses in material or non-material values, accepted financial assistance without apparent feelings of guilt, inadequacy or shame. This was only too often interpreted as the result of personality defects, 'demoralization' and the like."<sup>(85)</sup>

Sellers / .....

85. Svarc, Ivor, "Client Attitudes Towards Financial Assistance - A cultural Variant", Social Service Review, Vol. XXX, 1956, P136 - 146.



Sellers wys op die verskil in houding tussen verskillende gemeenskappe ten opsigte van materiële hulpverlening.

"In Servia a very different spirit prevails among the poor from that which prevails in Montenegro: in Belgrade not only is all that is offered in the way of relief accepted gladly, but the tendency is to clamour for more".<sup>(86)</sup>

Sy verhaal verder dat persone in die Balkan eerder halfverhongerd sal gaan as om die voedsel van die gemeenskap te eet. Dit word as ontierend beskou. Hierteenoor het dieselfde gemeenskap geen beswaar om n gemeubileerde woning van die gemeenskap te ontvang in gevalle waar hulle wonings afgebrand het nie. Dit geld ook die rykstes en die ontvangs van hierdie soort hulp word nie as n skande beskou nie.

Indien die beskouings van die vorige eeu met die heersende opvattinge vergelyk word, is daar aanduidings dat die sienings in verband met materiële hulpverlening in n oorgangsproses is.

Die hede word op internasionale vlak gekenmerk deur die afbreking van Maatskaplike afstand tussen gemeenskappe en groepe persone deurdat steeds minder betekenis aan kulturele-, etniese-, godsdiens- en ander maatskaplike verskille geheg word. Met die aftakeling van maatskaplike verskille gaan n neiging gepaard om verantwoordelikheid vir die versorging van steeds groter groepe behoeftiges en noodlydendes te aanvaar. Die versorging van behoeftiges deur familie of informele groepe word almeer oorskadu deur versorging op nasionale vlak. In verskillende lande is wetgewing ingevoer wat n versorgingsreg aan behoeftiges gee. Die beginsel word deur die V.V.O. in sy deklarasie van Menseregte (1948) ondersteun. Volgens Barnhoorn is Wes-Europa in die negentiende eeu deur die sosiaal-ekonomiese ontwikkelingsgang, by name die industrialisering as't ware gedryf tot n -

"..... gesystematiseerde / ....

"..... gesystematiseerde, wettelijk geregelde en geïnstitutionaliseerde maatschappelijk zorg voor armen en behoeftigen."<sup>(87)</sup>

Die beskouings in verband met onderlinge hulpverlening het veral in die twintigste eeu groot verandering ondergaan. Dit is eintlik nog in 'n oorgangsproses, met die gevolg dat daar dikwels rondgetas word tussen die oue en die nuwe. Die gemeenskapsbeskouing word ook hierdeur beïnvloed in soverre as wat dit tot aansienlike variasie in die openbare mening kan lei. Dit gebeur omdat die hele gemeenskap nie opeens tot insigte kom om die oue heeltemal te laat vaar en die nuwe beskouings op soortgelyke wyse volkome te aanvaar nie.

Die kiem word vandag grootliks op eksterne omgewingsfaktore - byvoorbeeld die sosio-ekonomiese struktuur met sy veroorsaking van werkloosheid, ens. -geplaas, en allerweë word beweer dat behoeftigheid nie noodwendig deur gebreke in die persoonlikheid veroorsaak word nie. Die gevaar bestaan egter dat deur die veroorsakende invloede vanuit die eksterne omgewing oor te beklenoon, die veroorsakende invloede as gevolg van persoonlikheidsdefekte uit die oog verloor kan word. Die beskouings van die vroeëre Amerikaanse kernkultuur, die Puriteinse gees, die Protestantse beskouings en die onderliggende filosofie aan die Engelse "Poor Laws" moet in verband met die eksterne omgewing gesien word. Die basiese persoonlikheidsstrukture van al die lede van die gemeenskap lewer die potensiële materiaal om behoeftigheid te bestry. Die wyse waarop die mannekrag gebruik word asook die eksterne omgewing dra as presiperende faktore by tot die resultaat wat bereik word.

In Suid-Afrika subsideer die Departement van Volkswelsyn en Pensioene bewaarskole maar gee tog voorkeur daaraan dat onderhoudstoelagbegunstigdes nie buitenshuise beroepsarbeid verrig nie, maar liever 'n toelae ontvang en hulle kinders tuis versorg. Dit

impliseer / ....

87. Barnhoorn, J.A.J., Individueel Maatschappelijk Werk en Geestelijk Gezondheidszorg, n.B. Sternfart Kroese, N.v., Leiden, 1900, P.10.

impliseer dat die Departement voorkeur daaraan gee dat begunstigdes in n afhanklike verhouding tot die Departement sal staan. Die Departement beoog egter nie om deur die afhanklike toestand n afhanklikheidsingesteldheid te kweek nie. Gedurende n opname in 1949 bevind die Departement<sup>(88)</sup> dat daar n neiging by sommige begunstigdes is om van die toelae afhanklik te raak. Aangesien alle begunstigdes reeds in n afhanklike verhouding tot die Departement is, moet aangeneem word dat hier verwys word na n afname in selfstandigheidsingesteldheid.

Die opvatting dat die beroepsarbeid van die moeder n nadelige uitwerking op die aanpassing en opvoeding van die kind het, word deur n bron wat vroeër aangehaal is, anders gesien. Voorwaardelik dat goeie reëlings vir die versorging van kinders getref is, kan die beroepsarbeid van die moeder nie altyd as faktor, wat tot wangedrag by kinders sal bydra, beskou word nie. Dit word eerder as n sekondêre faktor beskou omdat dit op verre na nie net die kinders van werkende moeders is, wat hullewangedra nie. Waar die gemeenskap onderhoudstoelaagbegunstigdes ontmoedig om tot die beroepsarbeid toe te tree - of in gebreke bly om hulle aan te moedig - het die gemeenskap n aandeel in die ingesteldheid wat deur hulle gehandhaaf word. Dit is n ope vraag of die gemeenskap daarin geslaag het om n bestendige en goeie alternatief aan te bied wat die begunstigdes se selfstandigheidsingesteldheid sal prikkel. Buite die beroepsarbeid ontstaan die gevaar dat persone n lewenswyse en gewoontes kan aankweek wat afhanklikheid aanmoedig. Huisvroue staan in binnenshuise beroepsarbeid, maar gewoonlik wettig afhanklik van hulle eggenote. Waar die eggenote of wettig verantwoordelike persone wegval, kan die gemeenskap gewoonlik nie die volle versorgingsverantwoordelikhede, op dieselfde vlak as wat die wettige versorgers dit verskaf het, oorneem nie. Die gemeenskap se fondse, byvoorbeeld die staatskas, is onvoldoende vir so n ideale versorging en derhalwe berus dit by die begunstigdes self om hulle lewensstandaard te verhoog of te handhaaf.

Wat / .....

Wat is die houding van die gemeenskap teenoor die beroepsarbeid van die nie-begunstigde moeder, wat weens die middeletoets nie vir toelae in aanmerking kom nie en tot die beroepsarbeid toetree om uitputting van haar beskikbare fondse te voorkom terwyl haar kinders in 'n bewaarskool opgeneem word? Bestaan daar dan in haar geval geen vrees dat haar beroepsarbeid haar kinders kan benadeel nie? Sal dit haar selfstandigheidsingesteldheid prikkel as sy moet toesien dat haar middele stadig uitgeput raak, sy haar waarde vir persoonlike besit verloor -- asof sy nie net soos enige ander persoon waarde daaraan heg en 'n statussimbool daarin sien nie -- en eindelik van die staat afhanklik moet word? Indien die gemeenskap meen dat die gevaar in haar geval nie belangrik is nie, is dit ook nie belangrik vir onderhoudstoelaagbegunstigdes nie. Daar bestaan dan ook geen rede waarom begunstigdes nie aangemoedig moet word om tot die beroepsarbeid toe te tree en van bewaarskoolfasiliteite gebruik te maak nie.

Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en sy vennote -- die welsynsorganisasies -- beskik oor vakkundige personeel om, waar van toepassing, saam met die kerke, voorkomings- en behandelingsdienste te lewer. Die opvoeding moet beide op geestelik-godsdienstig en geestelik-maatskaplike vlak geskied en dit vereis dus noue samewerking.

Aangesien voorkomingsdienste nie vervolmaak kan word nie, sal daar altyd 'n behoefte vir diagnose en behandeling bestaan. Hoewel gevalllestudies in Maatskaplike werk as diagnostiese tegniek reeds baie ontwikkel het, is dit nie voldoende om veral so 'n ingewikkelde houding soos selfstandigheidsingesteldheid baie betroubaar te meet nie. Remmers beweer dat:-

"The crudest method of measuring attitudes is that of the case method ....."<sup>(89)</sup>

In hierdie ondersoek is gepoog om 'n objektiewe diagnostiese instrument te ontwikkel.

HOOFSTUK II. / .....

## H O O F S T U K    I I

### DOEL EN METODEDE VAN ONDERSOEK

#### A. Die doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel wat die houding van persone is wat onderhouds-toelaes van die Staat ontvang vir die versorging van hulself en hulle afhanklike kinders, en wél spesifiek met betrekking tot hulle gevoel van selfstandigheid.

#### B. Die hipoteses

Die hipoteses in hierdie ondersoek is soos volg:-

- (a) Die gemeenskap stel deur middel van die openbare mening sekere norme vir selfstandigheid waaraan individuele lede moet voldoen.
- (b) Kulturele faktore en maatskaplike omstandighede het 'n invloed op verskillende groepe persone se begrip van selfstandigheid en derhalwe moet 'n norm gevind word wat vir almal geld.
- (c) Elke individu se motiveringsintensiteit tot ego-versterking is eie aan homself en derhalwe mag die sterktegraad van selfstandigheidsstrewes tussen individue ook wissel.
- (d) Die individu se motivering kan deur middel van sy houdings gemeet word.
- (e) Verbale gedrag is een wyse om uitdrukking aan 'n persoon se houdings te gee en die houdings kan onder goed gekontroleerde omstandighede 'n goeie indeks van 'n persoon se werklike ingesteldheid in verhouding tot die openbare mening wees.
- (f) Die openbare mening het oor die afgelope dekades aansienlik verander wat materiële hulpverlening aan behoeftiges betref.

#### C. Die Metode

- (i) Terrein van die ondersoek.

Die ondersoek is beperk tot die munisipale gebied van Pretoria soos dit gedurende



1963 was en het derhalwe voorstede soos Waverley, Silverton en Pretoria-Noord uitgesluit.

(ii) Die Proefpersone.

(a) Die proefpersone wat by die ontwikkeling van die skaal gebruik is, is soos volg:-

1. Twee-en-twintig individuele beoordeelaars uit verskillende beroepe, tewete ingenieurs, onderwysers(esse), Polisie, klerke, tiksters en huisvroue.
2. Nege-en-sewentig vroulike klerke wat in die registrasie-afdeling van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se hoofkantoor werksaam was.
3. Tagtig derde-jaar sielkunde studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer het.
4. Vraelyste is aan n monster van een honderd persone, wie se name op die Pretoria-Oos kieserslys verskyn, gestuur.

(b) Om die betroubaarheid van die skaal in die praktyk te bepaal, is van die volgende proefpersone gebruik gemaak.

1. Onderhoude is met ses persone wat in ontvangs van n onderhoudstoelae was, gevoer. Hierdie ses persone is só gekies dat hulle verspreid oor die hele stadsgebied van Pretoria gewoon het.
2. Vyf opgeleide Maatskaplike werkers.
3. Vyf klerklike beamptes van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene wat uit die aard van hulle werksaamhede gedurig met persone wat onderhoudstoelae ontvang in verbinding gekom het.

(c) Die proefpersone wat by die toepassing van die skaal gebruik is, het uit twee groepe bestaan, naamlik:-

1. n Tien persent monster van al die ontvangers van onderhoudstoelae wat / .....

wat in die stadsgebied van Pretoria woonagtig was.

2. 'n Groep studente verbonde aan die Pretoriase Onderwyskollege.

(iii) Die keuse van beoordelaars.

Die beoordelaars is só gekies dat nie een spesifieke strata van die gemeenskap as beoordelaars geneem is nie.

Die beoordelaars is verder só gekies dat dit uit verskillende groepe bestaan het. Die groepe sou hulle beoordelings in opeenvolgende fases afhandel. Nadat elke fase afgehandel is kon die duidelik dubbel-sinnige, ontoepaslike en onduidelike menings, wat tydens die voorafgaande fase onder die aandag gekom het, verwyder word. Hierdie metode is doelbewus gevolg ten einde beoordelaars in elke volgende fase nie met onnodige beoordelings te vermoei nie. Terselfdertyd het hierdie metode in elke fase 'n verdere afwerking van die menings bewerkstellig en kon ontoepaslike menings uitgeskakel word.

Die metode wat in die voorafgaande paragraaf vermeld word, het ook ten doel gehad om die materiaal wat beoordeel moes word tot 'n minimum te beperk voordat dit aan die publiek vir beoordeling voorgelê sou word. Op hierdie wyse is gepoog om die versoek aan die publiek om met beoordeling behulpsaam te wees, meer aanneemlik te maak.

Die eerste groep beoordelaars (22) is individueel besoek en was afkomstig uit wyd uiteenlopende beroepe.

Die registrasie-klerke is as groep gekies omdat die grootste persentasie van hulle se skolas-tiese opleidingspeil laer as Standaard agt is. Twee-en-tagtig persent van hulle het 'n skolas-tiese opleidingspeil van standaard agt en laer.

Die derde-jaar sielkunde studente is gekies om persone met hoër skolas-tiese opleiding te verteenwoordig. Hulle is ook grotendeels uit gesinne in die hoër inkomstegroep afkomstig.

Die monster uit die Pretoria-oos kieserslys het ver uiteenliggende inkomstegroepe ingesluit,

vanaf / . . . .

vanaf Waterkloof tot Riverside. Die kieserslys het verder ook gemiddelde woonbuurte en sub-ekonomiese behuisingskemas ingesluit.

(iv) Die samestelling van die houdingskaal.

Om 'n geskikte meetinstrument vir houdings te vind, is dit nodig om die houdingsmateriaal in kwantitatiewe eenhede te verwerk. Sekere aannames is noodsaaklik, naamlik -

- (i) dat die houdings meetbaar is;
- (ii) dat dit varieer langs 'n liniëre kontinuum;
- (iii) dat die houdings algemeen voorkom.

Houdings kan deur middel van menings, openbare gedrag, kliniese gegewens en biografiëe bestudeer word. In hierdie ondersoek word gebruik gemaak van 'n houdingskaal wat op menings berus, asook van kliniese gegewens. Laasgenoemde sal egter hoofsaaklik as kontrole vir betroubaarheid dien. Die keuse het op Thurstone se metode geval.

#### Thurstone se metode.

Hierdie metode staan bekend as die metode van 'equal appearing intervals'.

Volgens Lundberg<sup>(90)</sup> was hierdie metode deur Delboeuf ontwikkel vir die meting van sensoriese diskriminasie. Die oorspronklike toepassing van hierdie metode op houdings, is egter die werk van Thurstone. Hy het van die standpunt uitgegaan dat 'n reeks stellings op 'n skaal tuisgebring kan word op grond van die sterktegraad van aanvaarding of verwerping wat die stelling uitlok. Thurstone het verder gepoog om die grade van die skaal reëlmatig in te deel op die psigologiese kontinuum; in hierdie geval die houdingskaal.

n Variasie / .....

90. Lundberg, C.A., Social Research, Longman's Green Co., N.Y., London, Toronto, 1942, P.235.

n Variasie op dieselfde basis, is om die houdingwaardes so aan te bring dat die middelpunt van die skaal n neutrale punt of gemiddelde tussen twee uiterstes vorm.

Dit is noodsaaklik dat elkeen van die onderskeie grade op die skaal deur menings verteenwoordig sal word. Dit vereis gewoonlik dat ondersoekers met n groot getal en verskeidenheid van menings moet begin.

Versameling van menings.

Ten einde n houdingskaal in verband met die strewe tot selfstandigheid te ontwikkel, was dit in die eerste plek nodig om n groot getal houdings te vind wat met die motivering tot selfstandigheid verband hou en verskillende grade daarvan verteenwoordig.

Toepaslike menings is versamel uit boeke, tydskrifte en briewe op lêers van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Dit is aangevul deur menings wat van ontvangers van Onderhoudstoelaes buite die munisipale gebied verkry is, tydens persoonlike besoeke aan hulle tuistes. Uit voorafgaande bronne is 113 menings versamel wat gehandel het oor aspekte soos verantwoordelikeheidsin, selfrespek, teenprestasies, ens. Voorbeelde van sulke menings is die volgende:-

- (a) Mense moet uit eie inisiatief hulle probleme in die oë staar en dit self opløs.
- (b) As die nood hoog loop sal ek eerder gaan leen as om aalmoese te ontvang.
- (c) Dit behoort slegs by wyse van hoogste uitsondering te wees dat n persoon sy toevlug na die welsyn neem.
- (d) Persone wat staatshulp aanvra moet eers bewys dat hulle nie in staat is om te werk nie, of werk kon vind nie.
- (e) Mense wat staatshulp ontvang behoort te werk vir die hulp wat hulle ontvang.

Menings wat maklik as n algemeen erkende en aanvaarde feit beskou kan word, is sover moontlik nie gebruik nie. In enkele gevalle was dit moontlik om die sinsbou van menings in n geringe mate te wysig

sonder om die wesenlike inhoud te verander. So byvoorbeeld is woorde soos waarskynlik, miskien, ens., uit menings weggelaat. Menings moes verder spesifiek wees en dit self tot identifikasie leen; maar omdat selfstandigheidstrewes onder verskillende omstandighede baie mag varieer, is die sinsnede „oor die algemeen" toegelaat. So byvoorbeeld mag n persoon oor die algemeen ten gunste van vasvryheid wees, maar in spesifieke gevalle glad nie so optree nie. Verder is gepoog om die menings só weer te gee dat dit een hoofidee beklemtoon, soos byvoorbeeld verantwoordelikeheidsin, teenprestasies en duur van hulp.

### Die verskillende fases in die ontwikkeling van die houdingskaal

#### (a) Die intervalle.

Oorspronklik is daar besluit op n sewepuntskaal. Die skaalintervalle is nie op die skaal genommer nie, maar beskrywe deur sewe graadbeskrywings.

#### (b) Die taak van die eerste groep beoordelaars - wat bestaan het uit ingenieurs, polisie, klerke, tiksters, huisvroue, onderwysers(esse) en administratiewe personeel - was om die duidelik dubbelsinnige, onduidelike en ontoepaslike menings aan die begin uit te skakel.

Vir hierdie deel van die skaalontwikkeling is n eie metode gevolg. Die 113 menings is op 113 groen kaartjies, (1" x 2½") getik. Dit is eers op hardeblad getik en later uitgesny. Die menings is vir korrektheid nagesien.

Vervolgens is gebruik gemaak van n vel wit tekenpapier en is daar sewe blokkies van 1" x 2½" met ½" spasies tussenin op aangebring. Die sewe blokkies het in n horisontale lyn op die tekenpapier gelê. (Kyk Fig. 1). Die blokkies op die eindpunte is onderskeidelik 'buitengewoon selfstandig' en 'buitengewoon afhanklik' gemerk en die middelste blokkie is gemerk 'gemiddeld'.


n Aantal mondelinge instruksies, wat deur die ondersoeker persoonlik oorgedra sou word, is voorberei. Die instruksies kom in die algemeen ooreen met dié in Bylae A wat die aandag op die motivering tot selfstandigheid plaas.



Die beoordeling van die menings deur die 22 beoordelaars het nie in n groep plaasgevind nie. Die persone (beoordelaars) is individueel besoek. In hierdie fase is gepoog om die visuele beeld van skaalwaardes neer te lê. Die aandag van die 22 beoordelaars is spesifiek daarop gevestig dat die sewe punte op die skaal - soos aangebring op die vel tekenpapier - in n kontinue lyn lê en dat die afstand tussen aanliggende punte altyd ewe groot is.

Die beoordelaars is versoek om die 113 menings een of meer keer deur te lees. Nadat n mening deurgelees is word dit in een van die sewe blokkies op die tekenpapier gesorteer volgens die beoordelaar se diskresie.

Om te voorsien in die moontlikheid dat n beoordelaar meen dat n sekere mening tussen twee van die hokkies - dit wil sê tussen twee van die skaalwaardes - tuishoort, is op die tekenpapier n tweede ry van ses horisontale blokkies aangebring. Elk van hierdie ses blokkies het n tussenwaarde verteenwoordig.



**FIGUUR 1.** Voorbeeld van die skaalindeling op die tekenpapier soos voorgelê aan 22 beoordelaars in n voorlopige afronding van die menings wat vir die skaalontwikkeling gebruik is.

Indien n beoordelaar sou meen dat n bepaalde mening tussen enige van die sewe grade in ry A tuishoort, kan die mening in die ooreenkomstige blokkie in ry B gesorteer word. Daar is slegs by wyse van hoogste uitsondering van ry B gebruik gemaak. Drie van die beoordelaars het dit moeilik gevind om in terme van sewe grade van selfstandigheidsingesteldheid te dink.

Nadat elk van die 22 beoordelaars die 113 menings in die verskillende blokkies (fig. 1) ingedeel het, is hulle geleentheid gegee om die beoordelings na te gaan en indien hulle so sou verkies te wysig. Vervolgens is die beoordelings van elke beoordelaar op rekord geneem en is daar aantekeninge gemaak van onduidelike of nie-toepaslike menings. Nadat die beoordelings aangeteken is, is die kaartjies met menings daarop telkens deeglik geskommel om enige volgorde te verbreek, sodat opeenvolgende beoordelaars nie daardeur beïnvloed sal word nie.

Nadat al 22 beoordelaars die 113 menings beoordeel het, is vervolgens alle menings wat reëlmatig oor die hele skaal versprei lê en dié wat weinig of geen neiging tot konsentrasie toon, van die skaal onttrek. Die konsentrasie-maatstaf wat in hierdie fase gevolg is, is dat tenminste 60 persent van die menings binne perke van drie aaneenliggende punte op die skaal geleë moes wees. Waar dit nie die geval was nie, is aanvaar dat dit n aanduiding van onduidelikheid of dubbelsinnigheid is.

Na afloop van voorafgaande afrondingsfase is 75 menings oorgehou wat die verskillende grade van selfstandigheidsingesteldheid verteenwoordig.

(c) Beoordeling deur die registrasie klerke.

Van hieraf is gebruik gemaak van die dienste van beoordelaars in groepe. Die metode moes hiervoor aangepas word en terselfdertyd is dit wenslik geag om die konsentrasiemaatstaf te verhoog na tenminste tagtig persent. Dit sou die betroubaarheid van die skaal verhoog.

Die 75 menings wat uit die vorige fase oorgehou is, is vervolgens, met vermyding van enige spesifieke volgorde, op wasvelle getik en afgerol (kyk Bylae B). Na elke mening is daar sewe blokkies wat sewe grade op die skaal aandui. Die middelste blokkie is gemerk „gemiddeld” en aan die linkerkant van die skaal is geskrywe „selfstandig”. Die regterkant van die skaal is gemerk „afhanklik”. Die

voorskrifte /.....

voorskrifte wat in die eerste fase gebruik is, is in n geringe mate gewysig en ook afgerol (kyk Bylae A).

Vervolgens is die samewerking verkry van die persoon in bevel van die registrasie-afdeling van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Sy het die versoek aan haar personeel oorgedra, wie bereid was om met die beoordeling te help. Die oorhandiging van die lys met 75 menings en meegaande voorskrifte het plaasgevind onmiddelik voordat die registrasie-klerke na die dag se werk huistoe is. Dit is só gereël om, sover moontlik, onderlinge beïnvloeding te probeer uitskakel. Die voltooide lyste is vroeg die volgende oggend, net na die dames by die werk arriveer het, weer teruggeneem. Nege-en-sewentig van die negentig lyste wat uitgegee is, is voltooid terug ontvang (Dit sluit enkele onvoltooide lyste wat terug ontvang is uit). In vier gevalle is die lyste egter onttrek omdat : (a) die persoon hoofsaaklik Engelssprekend was; (b) die vraelyste van twee susters presies identies voltooi was.

- (d) Die lyste met menings is in die volgende stadium aan n groep derdejaar sielkunde studente, verbonde aan die Universiteit van Pretoria, vir beoordeling voorgelê. Die menings is deur sowat 80 studente beoordeel, maar as gevolg van n paar wat nie Afrikaans as huistaal besig nie, is van slegs 76 se beoordelings gebruik gemaak. Dieselfde lyste is gebruik as in die geval van die registrasie-klerke. Die voorskrifte was onveranderd.

Aangesien die lyste gedurende n klasperiode voltooi is, was daar weinig gevaar van onderlinge beïnvloeding.

- (e) Die laaste fase in die ontwikkeling van die skaal was die voorlegging van die lyste, met menings, aan n monster persone uit die Pretoria-Oos kieserslys. Die totale getal kiesers op die lys is deur 100 gedeel en op dié wyse is die name en adresse van 100 persone reëlmatig op die kieserslys getrek. Lyste met menings, gepaard met dieselfde voorskrifte as wat in die vorige

stadium gebruik is, is in gefrankeerde koeverte aan die 100 kiesers gestuur. Hierdie fase van die ondersoek het skipbreuk gely omdat slegs 3 uit die 100 persone die lyste voltooid teruggestuur het.

### Die uitskakeling van onduidelike en dubbelsinnige menings

In hierdie ondersoek is van die standpunt uitgegaan dat onduidelikheid in- en dubbelsinnigheid van menings tot groot meningsverskil sal lei. In ander gevalle waar daar buitendien groot meningsverskil ten opsigte van menings bestaan, het die betrokke menings weinig of geen waarde vir skaaldoeleindes nie.

Om onduidelike, dubbelsinnige en ander menings wat vir hierdie ondersoek waardeloos is, uit te skakel, is die norm neergelê dat slegs dié menings waar 80% en meer persone se beoordelings binne drie aaneenliggende grade op die skaal konsentreer gebruik sal word. Dié houdings wat nie aan hierdie norm voldoen nie, is as onduidelik, dubbelsinnig of waardeloos verwerp.

### Beperking van omgewings- en gepaardgaande invloede op die selfstandigheidsnorme

Persone uit verskillende omgewings kan in hulle opvattinge in verband met 'n strewende na selfstandigheid verskil. Dit is moontlik dat minder gegoede- en ander persone wat reeds van staatstoelae afhanklik is, miskien 'n eie vasgelegde siening van selfstandigheid het wat deur die omstandighede waarin hulle verkeer beïnvloed is. Dit is tog waarskynlik dat 'n alkoholis en 'n geheel onthouer sal verskil ten opsigte van hulle houdings in verband met drankgebruik.

Dit is derhalwe noodsaaklik om omgewingsinvloede, sover moontlik, te kontroleer. In die ontwikkeling van die skaal is gebruik gemaak van twee groepe beoordelaars wat maatskaplik en skolasties ver verskil en ook waarskynlik 'n groot verskil in lewensbeskouing, ideale en inisiatief openbaar. Dit is dan ook veronderstel dat dié mening, waar die twee groepe groot ooreenkoms in beoordelings toon, weinig deur omgewingsinvloede beïnvloed is. Die frekwensieverspreidings van beoordelings van klerke en studente

onderskeidelik / .....

onderskeidelik is vergelyk deur berekening van  $\chi^2$  vir twee onafhanklike groepe.<sup>(91)</sup>

Die grade van vryheid is soos volg:-

$$\begin{aligned}
 (k - 1)(r - 1) & \quad \text{waar } k = \text{kolomme} \\
 (7 - 1)(2 - 1) & \quad \text{en } r = \text{rye.} \\
 = 6 &
 \end{aligned}$$

Die volgende formule is gebruik:

$$\chi^2 = \frac{(f_i - f_i')^2}{f_i'} \quad \text{waar } f_i = \text{oorspronklike frekwensie} \\
 \text{en } f_i' = \text{teoretiese frekwensie}$$

Vir die betrokke grade van vryheid ( $df = 6$ ) moet  $\chi^2 \geq 12.5916$  wees om die 0-hipotese op die 5% peil van beduidendheid te verwerp. Alle berekenings is met n rekenmasjien gedoen.

#### Die Bepaling van skaalwaardes

Hoewel in baie ondersoeke van hierdie aard op mediaan-waardes as sentrale waardes besluit word, is in hierdie ondersoek van die rekenkundige gemiddelde gebruik gemaak. Die invloed van uiterste beoordelings is sodoende ook in aanmerking geneem. Die gebruik van die Mx het verder ook ten gevolg gehad dat die twee eindpunte van die skaal, tewete buitengewoon selfstandig en buitengewoon afhanklik, verval het. Die sewe-punt skaal het hierdeur n vyfpunt skaal geword wat strek van baie selfstandig tot baie afhanklik.

Die rekenkundige gemiddelde van die beoordelings is bereken deur die formule:

$$Mx = \frac{\sum x}{N} \quad (\text{waar } Mx = \text{rekenkundige gemiddelde;} \\
 \sum x = \text{som van beoordeelde waardes op} \\
 \text{die skaal; en} \\
 N = \text{getal beoordelaars}).$$

Aangesien die rekenkundige gemiddeldes nie noodwendig op heel getalle uitwerk nie, is van afronding gebruik gemaak tot die naaste eenheid.

Die / .....

91. Du Toit, J.M., Statistiese Metodes, Kosmo Uitgewery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1963, p.99 - 101.



Die betroubaarheid van die skaal

By die bepaling van skaalwaardes is van objektiewe metodes gebruik gemaak. Die betroubaarheid van die prosedure is verhoog deur die wyse waarop die ondersoek en skaalbeoordelings grootliks verplaas is van klaskamer omstandighede na die alledaagse lewensomstandighede. Dit is egter ook in hierdie alledaagse lewensomstandighede dat die ondersoek n terugslag ontvang het as gevolg van die swak reaksie van die Pretoria-Oos kiesers. Hierdie terugslag het tot gevolg gehad dat -

- (i) al die kontrole-maatreëls wat vir die ondersoek beplan was nie benut kon word nie; en
- (ii) daar slegs n totaal van 149 beoordelings per mening in die tweede fase van beoordeling beskikbaar was.

Indien die 22 individuele beoordelaars uit die heel eerste fase in aanmerking geneem word, bring dit die totale getal beoordelaars op 171 te staan.

Aangesien voorgenoemde totaal beoordelaars onvoldoende is, is besluit om verdere kontrole-maatreëls aan te wend, naamlik:-

(1) KONTROLE A.

Uit die tien persent monster van Onderhoudstoelaagbegunstigdes is persone ~~00~~ uit verskillende voorstede besoek.

Die 28 menings wat oorgehou is nadat die sorterings deur die studente en registrasie-klerke afgehandel is, is op kaartjies getik. In elke geval waar n begunstigde besoek is, is hierdie menings aan die persoon oorhandig met die versoek om dié waarmee sy haar die meeste vereenselwig uit te soek. Daar is seker gemaak dat die kaartjies in geen bepaalde / .....

~~00~~ Onderhoude is met agt persone in verskillende voorstede gevoer, maar in slegs ses gevalle is daarin geslaag om die onderhoude duidelik op band vas te lê.

bepaalde volgorde was nie. Dit is aangeneem dat indien die skaal die werklike houdings van die persoon meet, die persoon ook dié menings sou uitsoek wat dieselfde graad op die skaal verteenwoordig. Dit moet in gedagte gehou word dat daar 28 menings vir die vyf punte op die skaal was.

(ii) KONTROLE B.

Met hierdie kontrole is van die standpunt uitgegaan dat n hele reeks menings van n spesifieke persoon oor die aangeleentheid moontlik n beter insae sou bied om n getrouer beeld van die persoon se strewe tot selfstandigheid te verkry. Die selfstandigheidsingesteldheid van die betrokke ses persone wat toelaes ontvang het en wat in kontrole A gebruik is, kon reeds deur middel van kontrole A bepaal word. In kontrole A berus dit egter op die persone wat toelaes ontvang se reaksie op die menings volgens n identifikasie indeks. Kontrole B is beplan om n groep buitestanders - wat heelwat kennis dra van persone wat toelaes ontvang - se evaluasie van die begunstigdes te verkry. Die persone wat toelaes ontvang, moes reageer op n aantal vrae. (Kyk bylae D).

Die vrae is gestel tydens onderhoude met die ses ontvangers van onderhoudstoelaes en die gesprekke met n bandopname-masjien opgeneem. Die bandopname-masjien was onopsigtelik in n leertas geïnstalleer sodat die begunstigdes in geen stadium daarvan bewus was nie. Hierdeur is gepoog om -

- (1) die onnodige maak van aantekeninge uit te skakel waardeur begunstigdes se werklike houdings beïnvloed kon gewees het. (Dit was immers die doel om onnodige inhibisies te voorkom)
- (2) n getroue weergawe van die werklike menings van begunstigdes op rekord te kry.  
Hierdeur is die subjektiewe element - waar staat gemaak word op die geheue - uitgeskakel.

Aptekar / .....

Aptekar<sup>(92)</sup> beklemtoon die waarde van bandopname-masjiene as hulpmiddels in wetenskaplike ondersoeke.

Na elke onderhoud is die inligting woordeliks oorgedra op 'n geskrewe rekord. Terwille van die etiese sy van die saak is alle identifiserende gegewens, soos name en adresse, van die geskrewe rekord weggelaat en die band skoongemaak. Op hierdie wyse is verseker dat geen buitestander enige van die gevalle sal kan identifiseer nie.

Die gegewens, rakende die menings van die begunstigdes asook in mindere mate gegewens oor hulle lewensgeskiedenis, is aan vyf maatskaplike werkers en vyf klerklike ondersoekers gegee vir beoordeling op 'n 7 punt skaal. Soos reeds gemeld, was die veronderstelling dat beoordelaars op grond van baie inligting ten opsigte van 'n begunstigde beter instaat sou wees om die begunstigde se graad van selfstandigheid te bepaal. Die beoordelaars is versoek om hulle beoordeling van die ses gevalle op die strewende tot selfstandigheid (ingesteldheid) te grond en nie op die toestand van afhanklikheid nie. 'n Aanduiding is ook gegee van die benamings van die sewe punte op die skaal en ander voorwaardes waarop vroeëre groepe menings beoordeel het.

#### Verspreidingswydte van beoordelings (93)

As kontrole om die betroubaarheid van die skaal te bepaal, is die standaardafwyking bereken vir die sewe menings wat in die finale skaal gebruik sou word. Die verspreidingswydte is bereken op die oorspronklike 7-punt skaal waarvolgens die werklike beoordelings plaasgevind het en voordat die skaal statisties in 'n 5-punt skaal verander is.

Aangesien / .....

92. Aptekar, H.H., The Dynamics of Casework and Counseling, The Riverside Press, Cambridge, Massa, 1955, p.163.
93. Du Toit, J.M., Statistiese metodes, Kosmo Uitgewery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1963, p.37.

Aangesien daar ten opsigte van die sewe betrokke menings geen beduidende verskil is tussen die beoordelings van die Sielkunde studente en die registrasie-klerke nie, is die eersgenoemde se beoordelings vir berekeningsdoelendes gebruik. Sodoende kon vasgestel word in hoe mate n persoon se selfstandigheidsingesteldheid van die skaalmeting mag afwyk.

By die berekening van die standaardafwyking is soos volg te werk gegaan:-

- (i) Aan elkeen van die sewe punte op die skaal is n numeriese waarde toegeken. Die buitengewoon selfstandige punt het 1 as waarde gekry; die baie selfstandige waarde 2; die selfstandige waarde 3; ens.
- (ii) Vervolgens is die rekenkundige gemiddelde bereken van die groep beoordelaars se waarde-toekennings per mening. (Dit moet in gedagte gehou word dat die berekenings dus verwys na die skaaleenhede).
- (iii) Die derde stap was om die individuele afwykings van die  $M_x$  (rekenkundige gemiddelde) te verkry en die afwykings te kwadreer. Aangesien elke groep se beoordelings dieselfde afwyking van die  $M_x$  het, is elke groep se afwyking van die  $M_x$  met die getal lode van die groep vermenigvuldig.
- (iv) Die volgende stap was om die kwadraat afwykings saam te tel en die som van kwadrate deur een minder as die aantal waardes te deel. Dit gee die variansie,  $S^2 = \left( \frac{\sum x^2}{N-1} \right)$ .
- (v) Die vierkantswortel van die variansie is bereken om die standaard afwyking te verkry:

$$s = \sqrt{s^2} = \sqrt{\frac{\sum x^2}{N-1}}$$

### Die toepassing van die houdingskaal

#### (a) Monsterneming

Goedkeuring is van die „Departement van Volkswelsyn en Pensioene" verkry om van hulle gegewens gebruik te maak.

n Tien persent monster van alle Blanke Onderhoudstoelaetrekkeurs wat binne die ondersoekgebied woonagtig is, is vanaf Departementele rekords getrek. Die ontvangers van Onderhoudstoelaes se name is op n lys geplaas volgens datum van aansoek en elke konstante tiende geval is by die monster ingesluit.

(b) Faktore wat by die toepassing van die skaal in aanmerking geneem is.

Dit is van wesenlike belang om die werklike oortuigings en opvattinge van n persoon te bepaal voordat die persoon se gedrag in die algemeen voorspel kan word. Persone het soms inhibisies ten opsigte van hulle werklike opvattinge. Soms gebeur dit dat persone onder druk van omstandighede of in vreemde omstandighede of wanneer die omstandighede n geleentheid bied wat tot besondere voordeel uitgebuit kan word, anders reageer as wat hulle onder normale omstandighede sou doen. Indien onderhoudstoelaetrekkeurs enige aanleiding kon vind om die ondersoeker, direk of indirek, met die Departement van Volkswelsyn en Pensioene - dit wil sê die bron van hulp - te assosieer, was die gevaar nie uitgesluit dat hulle houdings daardeur beïnvloed sou gewees het nie. Hulle sou waarskynlik op hulle hoede gewees het om niks te sê wat vir hulle nadelig kan wees nie.

Sommige persone meen -

"..... that the referent for attitudes lies in the unconscious. Attitudes are thus un verbalized and are inaccessible".<sup>(94)</sup>

Alle houdings is nie onbewus nie en in soverre as wat die onderbewuste dryfvere die alledaagse gedrag beïnvloed, sal hierdie ondersoek ook daaraan onderhewig wees. Dit word derhalwe aanvaar dat houdings wél deur meting bepaal kan word, soos deur Thurston, Likert en andere bewys.

(c) Die / .....

94. Glidewell, John C., Parental attitudes and Child Behavior, Charles C. Thomas, Springfield, 911, U.S.A., 1960, p.43.



(c) Die Eksperiment.

Sewe menings is uitgekies by die toepassing van die skaal. Dit was só gekies dat die sewe menings die skaalwaardes die beste verteenwoordig, waar-omgewings-invloede die minste invloed daarop het en waar die konsentrasie beoordelings oorspronklik die digste was. Vir die eindposisies op die skaal - tewete baie selfstandig en baie afhanklik - is twee menings per skaalwaarde geneem ten einde seker te maak dat die menings in die eindposisies nie die aandag ontglip nie. Hierdie sewe menings is afgerol met n blokkie voor elkeen (kyk bylae c) en van die nodige voltooiingsvoorskrifte voorsien. Die menings is in geen bepaalde volgorde gerangskik nie.

Die vraelyste is vervolgens aan die monster van 44 persone wat onderhoudstoelaes ontvang geos, vergesel van gefrankeerde koeverte. Binne n maand na die afstuur van die vraelyste het 19 begunstigdes die lyste voltooid teruggestuur. Hierna is die ander begunstigdes persoonlik by hulle tuistes besoek, ten einde hulle vraelyste te verkry. Op hierdie wyse is daarin geslaag om verdere vraelyste van 16 begunstigdes terug te kry. In twee van die orige nege gevalle het die begunstigdes verhuis; in een geval kon die begunstigde tenspyte van herhaalde besoeke nie opgespoor word nie; in een geval was die aansoek nie gefinaliseer nie; in drie gevalle kon die begunstigdes se samewerking nie verkry word nie en die orige twee se vraelyste kon om ander redes nie bekom word nie. By die uiteindelijke ondersoek is dus slegs 35 begunstigdes ingesluit wat op ongeveer n 8.00 persent monster te staan kom.

Die 35 vraelyste is nagegaan ten einde te bepaal voor watter mening begunstigdes hulle kruisie gemaak het, as aanduiding van die mening/houding waarmee hulle hul die meeste vereenselwig. Die resultate is in n grafiek verwerk.

Vervolgens is die sewe menings, gepaard met die voltooiingsvoorskrifte, aan 40 studente van die Pretoriase Onderwys Kollege vir voltooiing gegee. Hierdie studente moes as kontrolegroep dien. Die resultate wat in hierdie verband verkry is, is op dieselfde grafiek as dié van die onderhoudstoelaaggevalle aangebring.

### H O O F S T U K III

#### DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die resultate van hierdie ondersoek word ingedeel in twee komponente, te wete -

- (a) Die resultate wat verkry is uit die ontwikkeling van die houdingskaal; en
- (b) resultate uit die toepassing van die skaal.

#### A. Resultate wat verkry is tydens die ontwikkeling van die houdingskaal

Na uitskakeling van die dubbelsinnige, onduidelike en ontoepaslike menings is 28 van die 113 menings oorgehou waar 80% en meer van die beoordelings binne drie aaneenliggende punte op die skaal konsentreer. In die geval van die genoemde menings (Tabel I) is die omgewings- en kulturele faktore gekontroleer sodat persone uit grootliks verskillende omstandighede weinig van mekaar verskil het in hulle beskouings van die graad van selfstandigheid wat elke mening verteenwoordig. Die beoordelings ten opsigte van hierdie 28 menings het statisties nie beduidend verskil nie.

In Tabel I is 28 menings wat aan skaalvereistes voldoen het, nadat die beoordelings van Derdejaar Sielkunde Studente met dié van Vroue klerke in die diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vergelyk is. Die twee onafhanklike groepe se beoordelings het ten opsigte van die betrokke menings nie beduidend verskil op die 5% peil nie.

Mening / .....

TABEL I

Menings wat aan die vereistes van die houdingskaal vir die meting van selfstandigheidsingesteldheid voldoen het.

Mening	(A) Chi. <sup>2</sup>	(B) Mediaan	(C) Rekenkundige gemiddelde M <sub>x</sub>	(D) Konsentrasie beoordelings van beide groepe binne perke van 3 aaneenliggende grade op die skaal
1. Mense moet uit eie inisiatief hulle probleme in die oë staar en dit self oplos.	3.75	2	2.20	95.30%
2. Hoewel ek tydens moeilike omstandighede bereid sal wees om deur die Staat gehelp te word, sal dit nie wees voordat ek alles in my vermoë gedoen het om eers self daar uit te kom nie.	5.44	2	2.40	86.00%
3. Dit behoort slegs by wyse van hoogste uitsondering te wees dat n persoon sy toevlug na die staat/wel-syn neem.	6.66	3	2.77	81.30%
4. Ek glo dat die staat en die burgers wedersyds eweveel verantwoordelikheid teenoor mekaar het om mekaar te help.	10.74	4	3.90	80.00%
5. Ek sal nie staatshulp ontvang nie. Ek het nog altyd n plan gemaak en sal dit weer doen.	3.46	2	2.00	89.30%

6. Oor / .....

/ .....

Mening	(A) Chi. 2	(B) Mediaan	(C) Rekenkundige Gemiddelde Mx	(D) Konsentrasie beoor- delings van beide groef binne perke van 3 aaneenliggende grade op die skaal
6. Oor die algemeen be- hoort mense mynsinsiens self hulle geldelike (materiële) probleme op te los, voordat hulle dink aan hulp van die staat.	7.66	2	2.43	88.00%
7. As ek ooit verplig word om iets van die staat (welsyn) te ontvang sal ek dit dubbel en dwars vergoed.	4.51	2	2.36	81.30%
8. Moenie met my oor staatshulp praat as ek nog krag en gesond- heid het nie.	8.36	2	2.22	80.60%
9. Ek glo dat elke mens al sy verborge moont- likhede moet ontdek en al sy vermoëns tot die uiterste moet ontwikkel om op sy eie voete te staan - selfs ook die gebrekkiges en gestremdes.	8.14	2	2.09	86.00%
10. Mense wat staatshulp ontvang behoort te werk vir die hulp wat hulle ontvang	7.33	3	2.80	82.30%

Mening	(A) Chi. <sup>2</sup>	(B) Mediaan	(C) Rekenkundige gemiddelde Mx	(D) Konsentrasie beoor- delings van beide groepe binne perke van drie aaneenliggende grade op die skaal
11. Die Departement van Volks- welsyn en Pensioene en die welsynsorganisasies is mos daar om te help. Waar- om sal ek nie van die hulp gebruik maak nie?	6.24	6	6.1	92.60%
12. Die Staat is verantwoor- delik vir die welsyn, versorging en hulp aan sy behoefte burgers en daarom kan die burgers op daardie hulp aanspraak maak.	3.59	5	5.26	80.00%
13. Ek voel dat ek soveel as wat ek nodig het uit die staat sal probeer kry.	1.20	7	6.39	86.60%
14. Persone behoort nie ge- strem te word om staats- hulp te bekom nie.	2.68	2	2.41	87.3%
15. As ek verplig is om hulp van die staat te ontvang sal ek geen rus hê voor- dat ek dit tenvolle ver- goed het nie.	12.57	3	2.4	82.60%
16. Dit is my reg om op die materiële (geldelike) hulp van die staat aan- spraak te kan maak.	10.57	6	6.10	83.30%

17. Ek / ....



Mening.	(A) Chi. <sup>2</sup>	(B) Mediaan	(C) Rekenkundige gemiddelde Mx	(D) Konsentrasie beoor- delings van beide groepe binne perke van drie aaneenliggende grade op die skaal
17. Ek glo dat elke mens deur harde werk sy lewensbestaan moet voer en nie deur die staat gehelp moet word nie.	9.23	2	2.56	85.10%
18. Die behoeftige mens moet doen wat sy hand vind om te doen, verder is die staat vir hom verantwoordelik.	4.81	5	4.70	80.00%
19. Dit is die plig van die staat om arm burgers in nood te help en daarom sien ek nie in waarom die armes hulle moet afsloof nie.	10.38	6	5.79	82.00%
20. Staatshulp moet minder wees as wat n persoon kan verdien, sodat niemand aangemoedig word om hulp te vra in plaas van self te verdien nie.	5.47	3	2.90	80.00%
21. As ek geldelik in omstandighede sou beland dat ek nie in staat is om myself of my gesin te versorg nie, sien ek geen beswaar om n tydjie deur die staat gehelp te word nie.	7.78	5	4.37	30.00%

Mening	(A) Chi. <sup>2</sup>	(B) Mediaan	(C) Rekenkundige Gemiddelde Mx	(D) Konsentrasie beoor- delings van beide groepe binne perke van drie aaneenliggende grade op die skaal
22. Hoewel ek die versorging van myself en my gesin as my eie verantwoordelikheid beskou, gee ek nie om om hulp van die staat (welsyn) te ontvang nie.	9.43	5	4.84	80.00%
23. Ek glo dat behoeftige persone tog moet probeer om die duur van hulpontvangste te verkort.	10.65	3	3.20	80.00%
24. Ek sal gaan werk soek, geld leen of n ander plan maak om ontvangs van staatshulp te verhoed.	11.56	2	2.06	89.30%
25. Oor die algemeen behoort mense mynsinsiens self hulle materiële probleme op te los, maar as dit nie slaag nie, sien ek geen beswaar dat hulle deur die staat (welsyn) gehelp word nie.	8.30	4	3.92	82.00%
26. Ek is van mening dat behoeftiges alles in hulle vermoë moet doen om hulp wat hulle ontvang te vergoed.	8.37	3	3.18	86.00%

27. Mense / .....

Mening	(A) Chi. <sup>2</sup>	(B) Mediaan	(C) Rekenkundige gemiddelde Mx	(D) Konsentrasie beoor- delings van beide groepe binne perke van drie aaneenliggende grade op die skaal
27. Mense moet dit eers ernstig oorweeg voordat hulle hul toevlug tot staatshulp (welsynshulp) neem.	3.68	3	3.00	80.00%
28. n Persoon behoort nie maklik sy toevlug tot staatshulp (welsynshulp) te neem nie.	6.70	3	2.92	80.00%

Variansie / ...

Die  $\chi^2$  is bereken uit die vergelyking tussen die beoordelings van n groep derdejaar sielkundestudente en dié van n groep dames in die diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Die Grade van vryheid is soos volg bereken:-

$$\begin{aligned} G.V. &= (Kolomme - 1)(Rye - 1) \\ &= (7 - 1)(2 - 1) \\ &= 6 \end{aligned}$$

Die mediaan is in hierdie geval geneem as die kolom (graad op die skaal) waarin die middelste van elke reeks beoordelings geleë is. Aan elke kolom op die skaal is n waarde - van een tot sewe - toegeken.

Die rekenkundige gemiddelde. Ook in hierdie geval is waardes aan elke punt van die skaal toegeken - weereens van een tot sewe.

Variansie en standaard afwyking van die sewe menings  
wat by die finale skaal ingesluit is (studente as  
beoordelaars)

1. Mening 1<sup>xx</sup>

$$\begin{aligned} \text{(a) } M_x &= \frac{\sum x}{N} \\ &= \frac{(18 \times 1) + (33 \times 2) + (22 \times 3) + (3 \times 4)^*}{76} \\ &= \frac{162}{76} \\ &= 2.13 \end{aligned}$$

(b) Berekening van standaard afwyking vir mening 1.

Getal beoor- delaars.	Skaal- waarde	Mx	Verskil tussen skaalwaarde en Mx	Getal beoor- delaars X verskil (x)	x <sup>2</sup>
18	1	2.13	-1.13	-20.34	413.72
33	2	2.13	- .13	- 4.29	18.40
22	3	2.13	.87	19.4	366.34
3	4	2.13	1.87	5.61	31.47
N=76	-	-	-	-	$\sum x^2 =$ 829.93

$$\begin{aligned} s^2 &= \frac{\sum x^2}{N - 1} & \therefore s &= \sqrt{11.06} \\ &= \frac{829.93}{75} & &= 3.32 \rightarrow \\ &= 11.06 \end{aligned}$$

2. Die standaardafwyking van die orige menings is  
soos volg:-

Mening 2 : S = 3.7 (Mx 2.56)

Mening / .....

xx Kyk Tabel V vir die menings.

\* Agtien beoordelaars se beoordelings het op skaal-  
waarde 1 te staan gekom; 33 op skaalwaarde 2; ens.  
Die som van hulle beoordelings - in terme van  
skaalwaardes - is soos aangedui.

Mening 3	: S = 3.50 (Mx 4.08)
Mening 4	: S = 3.20 (Mx 4.82)
Mening 5	: S = 3.80 (Mx 6.17)
Mening <del>7</del> 6	: S = 3.66 (Mx 2.10)
Mening <del>6</del> 7	: S = 3.32 (Mx 5.80)

SELFSTANDIGHEID VAN DIE KONTROLE GROEP VAN SES  
PERSONE WAT IN ONTVANGS IS VAN 'N ONDERHOUDS-  
TOELAAG

In Tabel II volg n uiteensetting van die selfstandigheidsgraad van ses persone wat in ontvangs is van n onderhoudstoelaag. Die resultate is n weergawe van die ses persone se reaksie op n 5-puntskaal ten opsigte van al 28 menings wat in Tabel I vervat is.

n Ontleding van die resultate in Tabel II dui aan dat, behalwe in die geval van persoon D, ander ontvangers van onderhoudstoelae wat op meer as een mening gereageer het n neiging toon om hulle met menings op dieselfde kant van die skaal te vereenselwig. In die gevalle van persone A en C is daar "een graad"<sup>■</sup> verskil tussen die twee menings. Die twee menings wyk in albei gevalle weinig van mekaar af.

Persoon D vereenselwig haar met menings wat aan teenoorgestelde kante van die skaal val. Haar beoordelings wyk af van dié van die ander vyf persone, deurdat dit beide baie selfstandigheid en baie afhanklikheid by haar vertolk. Hierdie kontras in beoordeling dui op ambivalensie. Haar verlede en die algemene menings wat sy handhaaf ondersteun die waarskynlikheid van ambivalensie.

Sy is opgevoed binne n redelik welgestelde gesinsverband. Voordat sy twintig jaar oud was, het sy in die huwelik getree met n persoon uit die lae inkomstegroep wat n arbeider van beroep was. Die

huwelik / ....

■ Wat persoon A betref is die Mx vir die twee menings onderskeidelik 2.22 en 2.92. Die werklike verskil is dus .70 van een skaaleenheid op die skaal. In die geval van persoon C is die werklike verskil .37 van n skaaleenheid.



TABEL II

MENINGS WAARMEE DIE SES PERSONE HULLE VEREENSELWIG, EN WAARUIT HULLE  
 SELFSTANDIGHEIDSGRAAD BEPAAL WORD.  
 Ses persone A tot F

Graad van selfstandigheid	A		B		C		D		E		F	
	Getal menings waarop gereageer	No. van menings	Getal menings waarop gereageer	No. van menings	Getal menings waarop gereageer	No. van menings	Getal menings waarop gereageer	No. van menings	Getal menings waarop gereageer	No. van menings	Getal menings waarop gereageer	No. van menings
Baie Selfstandig	1	8	-	-	1	2	1	7	-	-	-	-
Selfstandig	1	28	-	-	1	3	-	-	2	27, 28	-	-
Gemiddeld	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Afhanklik	-	-	-	-	-	-	1	18	-	-	-	-
Baie afhanklik	-	-	1	21	-	-	1	19	-	-	1	11
TOTAAL	2	-	1	-	2	-	3	-	2	-	1	-

huwelik het bygedra dat sy deur haar ouers „verwerp" is. Haar ouers is albei oorlede in hierdie stadium terwyl sy nog betreklik jonk was. Die toekomst het vir haar onder andere die versorging en opvoeding van sewentien kinders ingehou. Mettertyd het haar man bedlêend geraak en tydens sy afsterwe was sy met sewe afhanklike kinders nagelaat. Sommige van die groter kinders wat reeds die huis verlaat het, het hulle moeder sedertdien klaarblyklik, tot haar onsteltenis, ook verwerp en tree nooit met haar in verbinding nie.

Hierdie persoon (D) het op „teenstrydige" menings gereageer. Enersyds het sy gereageer op die waardes uit haar vroeë opvoeding en andersyds op die houdings wat sy sedertdien vir haarself uitgebou het. Op die vraag oor watter van die twee menings sy haar tans die meeste mee vereenselwig, het haar keuse op die „baie afhanklike" mening geval.

TABEL III

DIE SELFSTANDIGHEIDSGRAAD VAN SES PERSONE  
 WAT ONDERHOUDSTOELAE ONTVANG, VOLGENS DIE  
 MENING VAN VYF MAATSKAPLIKE WERKERS EN VYF  
 KLERKLIKE EENHEDE

Graad van self-standigheid	Getal beoordelings vir onderskeie grade per persoon.					
	A	B	C	D	E	F
Buitengewoon self-standig	2	-	-	-	-	-
Baie selfstandig	5	-	3	-	-	-
Selfstandig	1	-	4	5	1	-
Gemiddeld	2	2	2	2	6	-
Afhanklik	-	7	1	3	3	2
Baie afhanklik	-	1	-	-	-	8
Buitengewoon afhanklik	-	-	-	-	-	-
<b>TOTALE GETAL BEOORDELINGS</b>	<b>10</b>	<b>10</b>	<b>10</b>	<b>10</b>	<b>10</b>	<b>10</b>

In Tabel III is n uiteensetting van die wyse waarop vyf opgeleide Maatskaplike werkers en vyf klerklike personeellede in diens van die Departement van

Volkswelsyn en Pensioene die ses onderhoudstoelaagbegunstigdes op n sewe punt skaal beoordeel het. Die ses persone wat in ontvangs is van onderhoudstoelaes se selfstandigheidstrewe is beoordeel op grond van hulle antwoorde op die vrae in Bylae D.

n Ontleding van Tabel III toon aan dat -

- (i) die beoordelings oor die algemeen neig om versprei te lê oor drie aaneenliggende punte op die skaal; met geringe afwykings in die geval van persone A en C.
- (ii) Wanneer die maatskaplike werkers en die klerklike ondersoekers persoon D beoordeel, volg die beoordelings dieselfde tendens as die persoon se evaluasie van haarself deur beide selfstandig en afhanklik te neig; en
- (iii) in die geval van persoon E is daar een van die beoordelaars wat die persoon aan die selfstandige kant van die skaal beoordeel.

In Tabel IV word die selfstandigheidstrewe van die ses begunstigdes vergelyk, soos bepaal deur die skaal en beoordeel deur die vyf maatskaplike werkers en vyf ondersoek-beamptes. Die skaalwaardes in syfers is deur middel van die rekenkundige gemiddelde bereken.

TABEL IV

DIE SELFSTANDIGHEIDSGRAAD VAN DIE SES PERSONE  
WAT ONDERHOUDSTOELAE ONTVANG

PERSONE	Graad van selfstandigheid	
	Volgens Maatskaplike werkers en ondersoek-beamptes.	Volgens die skaal
A	2.30 Baie selfstandig	2.66 Selfstandig
B	4.90 Afhanklik	5.00 Afhanklik
C	3.10 Selfstandig	2.33 Baie selfstandig
D	3.80 Gemiddeld	4.30 Gemiddeld
E	4.20 Gemiddeld	3.00 Selfstandig
F.	5.80 Baie afhanklik	6.00 Baie afhanklik

n Ontleding van Tabel IV toon aan dat daar goeie ooreenstemming is tussen die beoördelings van die Maatskaplike werkers/klerklike ondersoekers en die skaalmeting. Die verskil is in sommige gevalle een graad op die skaal.

Deur die aanwending van die Mx (of enige ander sentrale waarde) gaan die beeld van ambivalensie verlore. In die geval van begunstigde D is reeds vroeër aangetoon dat daar n neiging tot ambivalensie bestaan. In Tabel IV het hierdie beeld verlore gegaan. Tabel IV moet derhalwe hoofsaaklik dien as n vergelykende basis om die selfstandigheidsingesteldheid wat op tweërlei wyse verkry is, te vergelyk. Waar daar nie n hoë konsentrasie van beoördelings is nie (soos in die geval van ambivalensie), is geen sentrale waarde n getroue indeks van die beoördelings nie.

#### Menings wat by die skaal ingesluit is

Aanvanklik was die doel om al 28 menings by die skaal in te sluit, maar in n latere stadium van die skaalontwikkeling het nuwe probleme opgeduik. In die eerste plek is n beperkte aantal menings meer betroubaar as wanneer n groot aantal menings beoordeel word. Die belangstelling in die onderwerp en die daaruitvoortvloeiende rapport is van wesenlike belang om n goeie en betroubare weergawe van persone se houdings te verkry.

Daar is vervolgens besluit om slegs van sewe uit die 28 menings gebruik te maak, met die voorbehoud dat elk van die vyf grade op die skaal deur n mening verteenwoordig sal word. Om te probeer voorkom dat die eindpunte van die skaal oor die hoof gesien word, is twee menings vir elk van die eindpunte gekies. By die keuring van hierdie sewe menings is op die volgende faktore gelet:-

- (a) Die grootste mate van beoördelingskonsentrasie.
- (b)  $\text{Chi.}^2$  en
- (c) Die rekenkundige gemiddelde.

Hier moet in gedagte gehou word dat waarde 1 (buitengewoon selfstandig) en waarde 7 (buitengewoon afhanklik) as gevolg van die aanwending van die Mx verval het. Die skaal strek dus van waarde 2 tot 6.

Die menings is só gekies dat die beoordelings van die grootste persentasie beoordelaars ooreengestem het (konsentrasie) en die Mx die naaste aan die werklike skaalwaardes is. Die sewe menings is vervat in Tabel V hieronder.

TABEL V  
DIE SEWE MENINGS WAT BY DIE HOUDINGSKAAL  
INGESLUIT IS

	Werklike Mx Skaal- waarde	% Kon- sentra- sie	Chi. <sup>2</sup>	
(i) Mense moet uit eie inisiatief hulle probleme in die oë staar en dit self oplos.	2	2.20	95.3	3.7
(ii) Mense wat Staats-hulp ontvang behoort te werk vir die hulp wat hulle ontvang.	3 (Selfst.)	2.80	82.3	7.3
(iii) Oor die algemeen behoort mense myns- insiens self hulle materiële probleme op te los, maar as dit nie slaag nie sien ek geen beswaar dat hulle deur die Staat (welsyn) ge- help word nie.	4 (Gemid- deld)	3.92	82.00	8.3


(iv) Die / .....



	Werklike skaal- waarde	Mx	% Kon- sentra- sie	Chi. <sup>2</sup>
(iv) Die behoeftige mens moet doen wat sy hand vind om te doen, verder is die staat vir hom verantwoordelik.	5 (Afhanklik)	4.7	80.00	8.3
(v) Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en die welsynsorganisasies is mos daar om te help. Waarom sal ek nie van die hulp gebruik maak nie?	6 (Baie afhanklik)	6.10	92.60	6.24
(vi) Dit is my reg om op die materiele/geldelike hulp van die staat/welsyn aanspraak te kan maak.	6 (Baie afhanklik)	6.10	83.30	10.57
(vii) Moenie met my oor staatshulp praat as ek krag en gesondheid het nie.	2 (Baie selfst.)	2.22	80.60	8.36

B. Die resultate van die skaal

Die skaal is toegepas op 35 persone wat in ontvangs is van onderhoudstoelaes en 40 studente verbonde aan die Pretoriase Onderwyskollege. Die selfstandigheidsgraad van die onderskeie lede van die twee groepe word deur die volgende poligoon weergegee:-



**FIGUUR II.** n Vergelyking van die selfstandigheidsgraad van persone wat onderhoudstoelaes ontvang met dié van studente verbonde aan die Pretoriase Onderwys Kollege.

Volgens die skaal is 22.85% van die ontvangers van onderhoudstoelaes selfstandig en veral baie selfstandig; 48.57% van hulle se ingesteldheid is gemiddeld en 28.58% is afhanklik en baie afhanklik. n Opvallende verskynsel is dat die getal onderhoudstoelaagbevoordeeldes skerp dal vanaf die baie selfstandige punt na die selfstandige.

Indien die selfstandigheidsingesteldheid van die groep onderhoudstoelaagevalle oorweeg word, blyk dit dat ongeveer n kwart aan die selfstandige kant van die skaal, sowat die helfte gemiddeld en die orige kwart afhanklik/baie afhanklik is.

Die selfstandigheidsingesteldheid van die studente is soos volg:-

Veertien uit die veertig (dit wil sê 35.00%) is selfstandig of baie selfstandig; 23(57.50%) is van gemiddelde selfstandigheidsingesteldheid en 3(7.50%) is afhanklik.

Die / .....

Die feit dat 16(45.7%) van die begunstigdes nie spontaan op die vraelys gereageer het nie, het waarskynlik weinig met hulle selfstandigheidsstrewes te doen.

Tabel VI bied 'n vergelyking tussen die selfstandigheidsingesteldheid van die groep wat spontaan gereageer het en die wat nie spontaan reageer het nie.

TABEL VI

'N VERGELYKING VAN DIE SELFSTANDIGHEIDSTREWE VAN 19 PERSONE WAT TOELAE ONTVANG EN HULLE VRAELYSTE TERUGGESTUUR HET, MET DIE SELFSTANDIGHEIDSTREWE VAN 'N GROEP VAN 16 WAT NIE GEREAGEER HET NIE EN TUIS BESOEK MOES WORD

Begunstigdes	Graad van selfstandigheidsingesteldheid					
	Baie selfstandig	Selfstandig	Gemiddeld	Afhanklik	Baie afhanklik	TOTAAL
Begunstigdes met spontane reaksie	4	1	10	2	2	19
Begunstigdes tuis besoek (nie spontaan)	3	-	7	3	3	16
TOTAAL	7	1	17	5	5	35

Die beoordelings van die twee groepe toon groot ooreenstemming.

Die frekwensie-verspreidings van die selfstandigheidsingesteldheid van persone wat onderhoudstoelae ontvang en studente verbonde aan die Pretoriase Onderwys Kollege, onderskeidelik, is vergelyk deur berekening van die  $\chi^2$  vir twee onafhanklike groepe. Tabelle VII en VIII bevat die berekeningsformules.

Vir die betrokke grade van vryheid-in hierdie geval  $df=4$  - moet  $\chi^2 \geq 9.4877$  wees om die 0-hipotese op die 5% peil van beduidendheid te verwerp. Die  $\chi^2$  van ~~37.77~~ <sup>12.83</sup> is groter as die waarde 9.4877. Die

selfstandigheidsverskil / ....

TABEL VII

BEREKENING VAN ONAFHANKLIKE WAARDES

	Baie selfstandig		Selfstandig		Gemiddeld		Afhanklik		Baie afhanklik		Totaal
	fo.	ft.	fo.	ft.	fo.	ft.	fo.	ft.	fo.	ft.	
Studente .....	5	6.40	9	5.34	23	21.33	3	4.26	-	2.66	40
Onderhoudstoelaag- gevalle. ....	7	5.60	1	4.66	17	18.67	5	3.73	5	2.33	35
Totaal .....	12	12.00	10	10.00	40	40.00	8	7.99	5	4.99	75

TABEL VIII  
BEREKENING VAN DIE CHI<sup>2</sup>

	Grade van Selfstandigheid	Empiriese frekwensie $f_i$	Teoretiese frekwensie $f_i^1$	$f_i - f_i^1$	$(f_i - f_i^1)^2$	$\frac{(f_i - f_i^1)^2}{f_i^1}$
Studente	Baie selfstandig	5	6.40	-1.40	1.96	.30
	Selfstandig	9	5.34	3.66	13.40	2.51
	Gemiddeld	23	21.33	1.67	2.79	.13
	Afhanklik	3	4.26	-1.26	1.59	.37
	Baie Afhanklik	-	2.66	-2.66	7.08	2.66
Ontvangers van Onderhouds-toelaes.	Baie selfstandig	7	5.60	1.40	1.96	.35
	Selfstandig	1	4.66	-3.66	13.40	2.87
	Gemiddeld	17	18.67	-1.67	2.79	.15
	Afhanklik	5	3.73	1.27	1.61	.43
	Baie Afhanklik	5	2.33	2.67	7.13	3.06

$$X^2 = 12.83$$



selfstandigheidsverskil wat die skaalmeting aandui tussen Onderwys Kollege studente en persone wat onderhouds-toelae ontvang, is dus statisties beduidend op die 5% peil.

Die voorafgaande paragraaf dui aan dat die skaal differensiërende waarde het.

#### Uiterlike waarneembare gedrag en die skaalmeting

Tydens die toepassing van die skaal is daar n ooreenkoms opgemerk tussen die skaalmeting en die uiterlike waarneembare gedrag van persone wat toelae ontvang. Onder gedrag word hier ook verwys na die lewensbeskouing en standarde wat deur begunstigdes gestel en gehandhaaf word.

By wyse van illustrasie sal na die geval van mnr. X verwys word. Tydens die voltooiing van die vraelyste het ek hom in die skaduwee voor sy huis aangetref waar hy op n stoel gesit het. Sy eggenote was in die huis besig. Die gesprek het vir die volgende kwartier of so oor sake van algemene belang gegaan. Intussen het die gesprek openbaar dat hy suiwer op ouderdomsoorwegings n maatskaplike pensioen ontvang. Die gesprek is egter spesifiek tot die doel van die besoek teruggebring, te wete die voltooiing van die vraelys waardeur sy eggenote se selfstandigheidstrewes bepaal sou word. Ja, hy kan onthou dat daar n paar weke vroeër ook so n vorm aangekom het, maar dit is nog nie voltooi nie. Die vraelys word na binne gestuur vir beantwoording deur sy eggenote en die gesprek keer terug tot sake van die dag. Die gesprek voer na die rasseprobleem in Suid-Afrika en in hierdie verband wys hy daarop hoe „goed" dit is om in Suid-Afrika te wees. In die buiteland moet die Blankes die werk doen wat hier deur die Bantoe gedoen word. Dan wys hy na die verwaarloosde erf waar verlepte blomme langs die grondpaadjie feitlik die enigste versiering tussen die onkruid is en sê:

„Meneer, my vrou het nog nooit nodig gehad om eers n bietjie water op daardie blomme te gooi nie. Sy sal dit ook nie doen nie".

Die indruk wat die persoon geskep het, is dat hulle heeltemal tevrede is met hulle lewensomstandighede.

Tydens / .....

Tydens die gesprek is vasgestel dat mnr. X nog maklik rond beweeg en fisies weinig deur sy ouderdom gestrem word.

Toe die kind met die vraelys terugkeer het dit opgeval dat mnr. X se eggenote op die swakste selfstandigheidsingesteldheid, waarvoor die skaal voorsiening maak, gereageer het.

Die volgende twee gevallestudies beklemtoon ook die ooreenkoms tussen persone se reaksie op die skaal en hulle uiterlike waarneembare gedrag:

GEVAL NO. A. (BEGUNSTIGDE A - TABEL II)

(Hierdie persoon begin uit eie beweging oor haar beskouinge en omstandighede gesels voordat enige vrae nog aan haar gestel is. Die gesprek vind sy aanleiding uit die menings op die kaartjies wat aan haar vir beoordeling voorgelê is. Sy reageer baie selfstandig en selfstandig op die skaal).

„Ek was nooit, nooit, nooit, vandat ek kind was, was ek afhanklik nie. My ouers was daar. Hulle was nie ryk nie, maar die kinders het gewerk en wat hulle bymekaar gemaak het, dit was vir hulle genoeg .....

Vr. Hoe het dit gebeur dat u by die Departement aansoek gedoen het vir 'n toelaag?

Ant. „Ek sou nie self gegaan het nie, maar 'n vriend van ons het gegaan na die Volkswelsyn en hy het dit gereël. Hulle het absoluut daarop aangedring dat ek dit moet neem”.

Vr. Hoe het u die dag gevoel toe u vir die toelaag aansoek gedoen het en hoe voel u nou daaroor?

Ant. „Ek kan u verseker dat die eerste paar keer wat ek na die Poskantoor gegaan het, het ek gevoel om in die aarde in te sak”.

„Dit is nou 10 jaar wat my man verongeluk het en hoe kan ek gaan werk?” (Sy neem die persoonlike versorging van haar bedlêende eggenoot waar). „Wie sal vir ons anders help,

byvoorbeeld geld leen?"

„Ek sou nooit van die staat hulp gaan vra het nie“.

Vr. Wat het u in gedagte vir u voorskoolse- en skoolgaande kinders? Wat het u in vooruitsig gestel vir die kinders wat reeds skool verlaat het?

Ant. „Die seun is in St. IX“,  
„Hy moet leer solank as hy wil . . . . . Hy wil n landmeter word“.

Vr. Het enigeen van u of u eggenoot se ouers staats-toelae ontvang, sover u weet?

Ant. „Nee, my ouers het nie n pensioen ontvang nie“.

Vr. Het n arm en behoeftige persoon, volgens u mening, n aanspraak op hulp van die Staat? Beskou u dit as n reg of voorreg?

Ant. „Nee meneer, die Staat is nie in die eerste plek verantwoordelik vir die versorging van die armes nie. Mense moet tevrede wees met wat hulle ontvang, want dit is nie n verdienste nie“.

Vr. Hoe het u die dag gevoel toe u vir die toelaag aansoek gedoen het en hoe voel u nou daaroor?

Sy meen dat die behoeftiges slegs dan hulp moet ontvang, as hulle medies ongeskik is en gladnie kan verdien nie.

Na afsluiting van die onderhoud het sy die aandag gevestig op n aangeleentheid wat baie belangrik is vir hierdie ondersoek. Sy het naamlik daarop gewys dat na 10 jaar niemand uit die onmiddellike omgewing daarvan bewus was dat sy n staats-toelae ontvang nie. Sy voel dit is beter vir haar dat hulle dit nie weet nie, omdat sy nog nie die oorspronklike skaamtegevoel oorbrug het nie.

GEVAL NO. B. (BEGUNSTIGDE D - TABEL II)

(Hierdie persoon reageer op teenoorgestelde waardes op die skaal. Die gevallestudie getuig van ambivalensie. Sy was oorspronklik skaam om die staats-hulp te aanvaar maar voel vandag gelukkig. Eers meen sy dat behoeftige persone op hulle regte om gehelp te word kan staan en dan repudieer sy haar standpunt. Elemente van selfstandigheidstrewes en afhanklikheid kan in die gevallestudie gevind word).

Vr. Wat is die posisie ten opsigte van skoolopleiding van u kinders? (Sy het altesaam 17 kinders waarvan 3 tans nog onder hoërskoolouderdom is).

Ant. „Die hoogste is St. VIII. Drie het St. VI gemaak, twee het St. VII gemaak en n paar het St. VIII“.

Vr. Wat se werk doen hulle vandag?

Ant. „Die twee dogters is getroud. Dan het ek 12 seuns.“

Vr. Wat doen die seuns vir n lewe?

Ant. „Die een is in Kaapstad. Hy is n drywer. Ek het drie op spoorweg en vier op die myne.“

Vr. Hoe het dit gebeur dat u by die Departement aansoek gedoen het vir n toelaag?

Ant. „Na my man se dood. Toe het ek nog sewe kinders in die huis gehad. Ander was getroud. Vir n jaar en 9 maande het ek toe reeds van die staat geld gekry - van die Volkswelstand. Toe was my man n invalied. Hy het beroerte gehad.“

Vr. Dit was voor u man se afsterwe dat u vir een jaar en nege maande hulp ontvang het?

Ant. „Ja, hy het vir een jaar en nege maande gely en toe is hy dood. Dit is nou reeds vyf jaar van hy dood is“.

Vr. Mevrouw, vandat u man n 'invaliede' geword het. Hoelank daarna het u self die mas probeer opkom voordat u vir n toelaag gaan aansoek doen het?

Ant. „Drie maande“.

(Sy het vervolgens meegedeel dat haar ouers vroeg oorlede is; haar vader nog beroepsarbeid verrig het en dat nóg haar ouers nóg haar skoonouers n staatspensioen of toelaaag ontvang het).

Vr. Het n arm en behoeftige persoon, volgens u mening, n aanspraak op hulp van die staat? Beskou u dit as n reg of voorreg?

Ant. „As jy in die moeilikheid is. Ons moet mekaar help. Ek dink die Departement moet mense help as hulle dit nodig het”.

Vr. Waar, meen u, moet mens die lyn trek?

Ant. „As n mens nog n werkjie ..... enigiets kan doen. Jou gedagtes is tog maar nie om soos n luiaard te wees nie. Jy gaan tog probeer vir iets beters”.

Vr. Sou u meen dat die staat enige voorwaardes moet stel in verband met die toelae wat betaal word?

Ant. „Die Departement sal nie sommer hulp gee nie. Die Volkswelsyn sal iemand wat om hulp kom vra eers aansê om te kyk of daar nie n ander uitkomst is nie. Hy moet eers dit probeer en dit probeer”.

Vr. (Terugverwysing na Vraag V - Bylae D). Beskou u die Departement se hulp as n reg of voorreg?

Ant. „n Reg”.

Vr. (Aanvullend). U voel met ander woorde dit is n reg en n persoon kan daarop staan?

Ant. „Ja”.

Vr. (Aanvullend). Dink u die staat behoort iets terug te verwag as die staat iemand gehelp het?

Ant. „Meneer, hulle behoort darem weer die staat te vergoed”.

Vr. (Aanvullend). Hoe?

Ant. (Sy swyg n paar oomblikke, dan glimlag sy en haal haar skouers op. Dan repudieer sy haar vorige stelling en motiveer) „Die staat behoort nie iets terug te verwag nie, want hulle het mos gehelp.



As ek iemand gehelp het, verwag ek dit mos nie terug nie".

Vr. In hoe n mate meen u is elke mens, ten spyte van liggaamlike gebreke en ander omstandighede, nog verantwoordelik vir homself en sy afhanklikes?

Ant. „Hy is nie verantwoordelik nie“.

Vr. Hoe het u die dag gevoel toe u vir die toelaag aansoek gedoen het en hoe voel u nou daaroor?

Ant. „Baie vernederd. Mens was dit nooit gewoond en het nooit gedink daar sal so n dag kom nie. Ek het maar baie sleg gevoel - regtig!“

Vr. (Aanvullend). Mevrouw, hoe voel u vandag?

Ant. „Vandag voel ek gelukkig“.

Vr. In hoe n mate is, volgens u mening, elke mens self verantwoordelik om vir die oudag of vir moeilike tye geldelik voorsiening te maak, sodat n persoon selfstandig kan wees?

Ant. „n Mens moet voorsiening maak. n Mens kan ietsie wegsit of jy kan n ding koop, sê byvoorbeeld n stukkie grond. As jy oud is en as jy dit nodig het weet jy darem jy het n sitplekkie. Maar dit is nie eintlik n moet as jy nie wil nie“.

In die res van die geselskap spreek sy haar uit teen die moontlike plasing van haar kinders in n bewaarskool, indien sy werk sou kon vind. Sy meen dat die kinders sal verwaarloos. Sy besef dat daar n verskil is tussen die opvattinge wat sy tans handhaaf en dié uit haar vroeë opvoeding.

Hierdie persoon het vir ten minste drie maande na haar man se afsterwe sonder staatshulp die mas probeer opkom. Tydens haar aansoek om n onderhoudstoelaag vereenselwig sy haar moeilik met die feit dat sy die toelaag moet ontvang. In daardie stadium is daar n duidelike weerstand om met die groep persone wat onderhoudstoelaes ontvang, of die toelaag self,

geïdentifiseer te word. Sedertdien is daardie weerstand heeltemal vernietig en is sy heeltemal gelukkig om wél n sta<sup>ts</sup>toelae te ontvang.

Verder, was sy voor haar troue gewoon aan baie beter sosio-ekonomiese omstandighede. Tans voel sy dat n mens nie lui mag wees nie; moet probeer om ontvangende hulp te vergoed en self voorsiening moet maak vir moeilike dae deur byvoorbeeld n stukkie grond te koop. In kontras met hierdie selfstandigheidstrewede repudieer sy dan weer later haar vorige standpunt dat teenprestasie gelewer behoort te word. Sy meen in hierdie verband ook dat persone wat liggaamlike gebreke het nie verantwoordelikhede ten opsigte van hulle eie versorging het nie. Selfs die mening dat persone vir die toekoms voorsiening moet maak, vul sy aan met die opmerking: „Maar dit is nie eintlik n moet as jy nie wil nie“.

#### ALGEMEEN

Tydens die onderhoude met ses gevalle waar die gesprekke met n bandopnamemasjien opgeneem is, is die volgende opgemerk:-

- (a) Die onderhoudstoelaetrekkeurs het aanvanklik oorwegend vir tydperke langer as drie maande sonder die Departement se hulp probeer klaarkom - in sommige gevalle selfs 2 jaar en langer.
- (b) n Ander opvallende verskynsel is dat drie van die ses persone vir n toelaag aansoek gedoen het, op aanmoediging van vriende en bekendes, terwyl hulle in daardie stadium nog geen voorneme gehad het om by die staat om hulp aan te klop nie.
- (c) n Tydelike oplossing is in enkele gevalle gevind waar bevoordeelde persone na die afsterwe van hulle eggenotes deur ouers, familie of vriende gehuisves of finansiëel ondersteun is. Dit bied egter geen permanente oplossing nie en die gesinsomstandighede het versleg gedurende hierdie tyd.

Hoewel bewaarskole vir staatsubsidie in aanmerking kom en die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in jaarverslae (soos reeds in Hoofstuk I bespreek) die standpunt ingeneem het dat die bewaarskole baie kan bydra om persone wat tans staatstoelae ontvang, of daarvan afhanklik kan word, selfversorgend te hou, word die bewaarskoolfasiliteite baie selde benut.

Om vir onderhoudstoelaes in aanmerking te kom moet aansoekers behoeftig wees en aan 'n middeletoets voldoen. Wanneer katastrofes en persoonlike teëspoede hulle tref, veroorsaak hulle lewensomstandighede groot spanninge en soms word selfs angstoestande geskep.

Die eggenotes van sowat 50% van alle persone wat onderhoudstoelae ontvang is oorlede. In sowat 40% van die gevalle is die eggenotes of oud óf sieklik óf afwesig. Onder die res is gevalle waar die moeder geskei is, óf 'n buite-egtelike kind versorg óf waar die bevoordeelde 'n wewenaar is. (Bron reeds vroeër aangehaal). Die voorgemelde omstandighede is in 'n buitengewone mate presipiërend van spanning, angs en gebrekkige sekuriteit.

Tydens die ondersoek is in 'n paar gevalle gevind dat persone wat onderhoudstoelaes ontvang van mening is dat daar 'n stigma aan die skema kleef. Hulle het die menings uitgespreek dat hulle as 'n mindergegoede groep beskou word; dat hulle periodiek opgawes moet verstrek van hulle huidige finansiële posisie en dat op dié wyse die indruk geskep word dat hulle nie vertrou word nie, ens. Hierdie soort opmerkings is terloops deur die persone geopper. Daar is nie spesifiek hierop ingegaan nie aangesien dit nie 'n deel van die ondersoek uitgemaak het nie en derhalwe is ook geen statistiek hieroor versamel nie. Selfs in die gevalle van enkele persone wat deur die skaal as selfstandig aangedui is, en waar daar geen ontevredenheid hoegenaamd aan die dag gelê is nie, het die persone gevoel dat hulle nie met die onderhoudstoelaeskema geïdentifiseer wil wees nie. Hulle het die feit dat hulle 'n toelaag ontvang vir bure en bekendes verswyg omdat hulle dit as 'n skande beskou het.

## S A M E V A T T I N G

### A. ONTWIKKELING VAN DIE SKAAL

1. Agt-en-twintig van die menings wat oorspronklik versamel is, het op die 5% peil ( $\text{Chi}^2$  formule) nie n beduidende verskil getoon tydens die beoordelings daarvan deur twee onafhanklike groepe nie.
2. Sewe van die menings is by die finale skaal ingesluit, en wél op grond van die volgende oorwegings:-
  - (a) n Beperkte aantal menings sal meer betroubaar beoordeel word as n groot aantal.
  - (b) Verder, kon slegs dié gevalle geneem word wat die hoogste mate van konsentrasie (bó 80%) binne perke van drie aan-eenliggend posisies op die skaal getoon het.
3. Die variansie en standaardafwyking het vir die sewe menings gewissel van 3.20 skaaleenhede tot 3.80 skaaleenhede op n 7-puntskaal.
4. Hoewel die rekenkundige gemiddelde as sentrale waarde gebruik is om uiterste beoordelings in aanmerking te neem en die  $M_x$  tot die naaste eenheid afgerond is om bepaalde skaalposisies te verteenwoordig, toon die gegewens aan dat die afgeronde  $M_x$  vir die betrokke sewe menings, nie verskil van die mediaan waardes nie. Die enigste uitsonderings is die uiterste waardes op die 7-punt skaal wat as gevolg van die  $M_x$  (as sentrale waarde) verval het. Die skaal is hierdeur in n 5-punt skaal verander.
5. Die kontroles wat in die ondersoek gebruik is, dui daarop dat -
  - (a) wanneer ontvangers van onderhoudstoelaes hulle met meer as een mening vereenselwig, daar n duidelike verband tussen die menings is deardat -
    - (i) die menings sterk neig om aan dieselfde kant van die skaal te val; en
    - (ii) Feitlik / ....

- (ii) feitlik deurgaans binne perke van drie aaneenliggende posisies op die skaal konsentreer.

In die uitsonderlike gevalle gebeur dit dat persone van hierdie reël kan afwyk, deurdat menings ver van mekaar versprei lê. In die kontrole wat ses begunstigdes ingesluit het, was een sodanige uitsondering gevind.

- (b) Wanneer begunstigdes se selfstandigheidsingesteldheid deur vyf maatskaplike werkers en vyf klerklike eenhede beoordeel word, volg die beoordelings dieselfde patroon as die begunstigdes se reaksie op die skaal.

## B. RESULTATE VERKRY UIT DIE TOEPASSING VAN DIE SKAAL

1. Volgens die skaal is n weinig minder as n kwart van die onderhoudstoelaetrekke selfstandig en baie selfstandig; net minder as die helfte is gemiddeld en weinig meer as n kwart is afhanklik en baie afhanklik.
2. Die persentasie studente in die baie selfstandige-, selfstandige- en gemiddelde kategorieë is meer as wat die geval met die onderhoudstoelaegevalle is. Waar sowat n kwart van die onderhoudstoelaetrekke afhanklik en baie afhanklik is, is minder as een-tiende van die studente onder gemiddeld selfstandig en nie een is baie afhanklik nie.
3. Tydens n vergelyking van die twee onafhanklike groepe se selfstandigheidstrewes is n beduidende verskil op die 5% peil bevestig. Die verwerping van die nul-hipotese dui aan dat die skaal differensierende waarde het.
4. Enkele gevallestudies waarna verwys is, dui op n verband tussen die skaalmeting en uiterlik waarneembare gedrag. Dit dui ook op die feit dat ambivalensie in uitsonderlike gevalle n invloed op persone se selfstandigheidstrewes het.